

# "Ons skryf soos ons praat": Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners

Elvis Saal en Donovan Lawrence

---

Elvis Saal, Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap, Universiteit van Suid-Afrika, en Donovan Lawrence, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland

---

## *Opsomming*

Taal is voortdurend aan die verander, en een van die kragte wat op taalverandering inwerk, is informalisering, dit is die integrasie van spreektaalvorme in die skryftaal. Daar is, sover vasgestel kon word, nog geen studies onderneem na die potensiele informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners nie. Die begrip *sociolinguistic change* ("sosiolinguistiese verandering"), soos voorgestel en omskryf deur Coupland (2009, aangehaal in Coupland 2014b:282), word hier ingespan om aan te dui dat taalverandering in die konteks van sosiale verandering plaasvind. Die spesifieke rol wat die media speel in die demokratisering van die openbare diskoers, word pertinent belig. Die media het die potensiaal om linguistiese variante oor geografiese grense en tyd heen te versprei, wat tot groter ooreenkomste onder dialektspreekers kan lei. In hierdie ondersoek word daar gepoog om aan die hand van korpuslinguistiese metodes te bepaal tot watter mate informalisering in die skryfwerk van Noord- en Wes-Kaapse tieners voorkom, en watter ooreenkomste daar tussen die twee tiengroepe te bespeur is. Vir hierdie doel is 65 formeel geskrewe Afrikaanse opstelle van Afrikaanse graad 10-leerders in twee verskillende provinsies (die Noord-Kaap en die Wes-Kaap) versamel. Hierdie twee stelle data is met mekaar vergelyk in terme van hul spreektaalkenmerke, asook die frekwensies van die kenmerke. Die bevindinge van die ondersoek dui daarop dat beide Wes- en Noord-Kaapse tieners gebruik maak van algemeen gebruiklike omgangsvorme en dialektiese merkers in hulle skryftaal. Van die frekwentste spreektaal- grammatiese vorme wat in die skryftaal van tieners voorkom, is die eiesoortige voorsetselgebruik, agteropplasing van uitdrukkings, die ongewone werkwoordpatroon, die regularisering van werkwoordvorme en die weglating van lidwoorde, werkwoorde, onderwerpe en voegwoorde. Die belangrikste verskille tussen die twee tiengroepe is op dialektiese gebied. Noord-Kaapse tieners is, vergeleke met hul Wes-Kaapse eweknieë, meer geneig om streksmerkers in hul formele skryfwerk in te span. Die bevindinge dui op 'n stilistiese skuif in die rigting van informaliteit in die geskrewe Afrikaans van tieners.

**Trefwoorde:** Afrikaanse tieners; dialektiese variasie; geskrewe Afrikaans; informalisering; Kaapse Vernakulêre Afrikaans; media; Oranjerivierafrikaans; sociolinguistiese verandering; spreektaal; Standaardafrikaans; taalverandering

### *Abstract*

#### **“We write the way we speak”: Informalisation of the written Afrikaans among Afrikaans teenagers**

This article examines the informalisation (also known as colloquialisation) of the written registers of two groups of Afrikaans teenagers – one from the Northern Cape, the other from the Western Cape – comparatively by way of corpus-linguistic methods. Impressionistic observations in Afrikaans newspapers about Afrikaans teenagers’ poor spelling abilities and their inability to write a single sentence without switching to English, point to a potential stylistic shift in the direction of the spoken language. No (recent) studies have been conducted on the informalisation of the written Afrikaans among Afrikaans teenagers. This purpose of this article is firstly to identify and describe the colloquial features in the written registers, and secondly to determine how frequent these colloquial forms occur.

In the literature on language change, the stylistic process of informalisation is regarded as one of the forces of language change. Informalisation is generally described as “writing becoming more like speech”, i.e. the increasing integration of spoken features in the written language (Leech, Hundt, Mair and Smith 2016:239). Informalisation does not happen in isolation but within the context of social change. Coupland (2009, quoted in Coupland 2014b:282) suggests that the concept of *sociolinguistic change* be used for this integrated approach to language change whereby the theoretical dualism between language change and social change is challenged and brought together. The new wave of socio-political changes in South Africa since the nineties had a direct bearing on the increasing democratisation tendencies that could be observed in Afrikaans literature, the print and broadcast media, as well as the music and theatre industry.

From a sociolinguistic change perspective, the specific role that media plays in “democratising the public discourse” (cf. Fairclough 1992, quoted in Mair 2015:7) is of particular relevance for this study. The media has the potential to spread linguistic variants across geographical areas, which could lead to greater similarities among dialect speakers. Such rapid linguistic changes are referred to as “off the shelf” changes (cf. Eckert 2003, quoted in Stuart-Smith, Pryce, Timmins and Gunter 2013:505). The media is viewed as a “shelf” where speakers can appropriate, recontextualise and resemiotise material from the media shelf for their own local discourse context (Buchstaller 2014). Media contextualisations of dialectal variation could legitimise such variation in those institutional spaces that were previously the preserve of the standard variety. The expectation of this study was that the adoption of spoken features in the formal written register of Afrikaans teenagers would show some degree of similarity due to the influence of mediated language.

In this study, formal written Afrikaans essays were sampled from (coloured) grade 10 Afrikaans learners in two different provinces, namely the Western Cape (Piketberg) and the Northern Cape (Upington). Learners were asked to write a formal essay about predetermined

topics. The Northern Cape corpus consisted of 8 297 words and the Western Cape corpus consisted of 8 120 words. These two sets of data were compared with in respect of their colloquial features, as well as the frequency of these features.

The colloquial features identified could be divided into two main groups: (i) commonly used colloquial forms (colloquialisms) and (ii) dialectal forms. Dialectal forms could be further subdivided into typical regional markers and supraregional forms.

Commonly used colloquial features include the following:

*On a lexical level*

(i) **Code-switching to English** (e.g. “en hulle gaan ons vir ’n **spin** vat”) occurred surprisingly more frequently among Northern Cape teenagers than their Western Cape counterparts. Surprisingly, because Afrikaans-English mixing is regarded as a typical structural feature of Southwestern Afrikaans (also referred to as Cape Vernacular Afrikaans a variety which is associated with speakers in the Western Cape). A closer analysis of the Northern Cape corpus revealed some evidence of the influence of social media: Some of the most frequent individual switches included lexical items such as the verbs *like* and *smile*, and *party*. Furthermore, the inclusion of English items in a formal written essay, which could be seen as an overt informal marker, could point to some form of normalisation and legitimation of the use of English lexical items (or a limited form thereof) among teenagers.

(ii) **Afrikaansified English words** (e.g. “oraait”, “warrie”, “brieke”) and **direct (literal) translations from English** (e.g. “mense van ander plekke kom hou **somstyd**s vakansie hier”) occurred more frequently among the Western Cape teenagers than the Northern Cape teenagers. This could be attributed to the fact that Western Cape teenagers are probably more confronted with English on a daily basis and they use these “translation” strategies in formal writing to “sound more Afrikaans”, i.e. to enhance the Afrikaans character of the text.

(iii) **Afrikaans-specific colloquial items** – which are those widely diffused Afrikaans colloquial items where no apparent English influence is evident (e.g. “om meisies of **oukies** te hê”) – showed a slightly higher frequency in the Northern Cape corpus than in the Western Cape corpus.

A combined frequency count of the phenomena discussed in (i) and (ii) above revealed that Western Cape teenagers used more English-related items in their formal writing than their Northern Cape counterparts. Northern Cape teenagers seem to have more ready access or exposure to Standard Afrikaans equivalents than their Western Cape counterparts, who seem to be more readily exposed to English lexemes.

*On a grammatical level*

(i) The **facultative *vir*** before animate (and sometimes inanimate) objects, which has been regarded in dialectal studies as typical of Southwestern Afrikaans (Hendricks 2012, Kotzé 1984), occurs frequently in both the Western Cape and Northern Cape corpora (e.g. “ek het nie **vir** hom gehoor nie”). Furthermore, both groups use

prepositions that do not follow the normative prepositional pattern (e.g. “daar is baie tienerswangerskappe **in** die jeug” x onder die jeug). This study finds that Western Cape teenagers use nearly twice as many colloquial-type prepositions than the Northern Cape teenagers.

(ii) **Restructuring of the verb patterns in subordinate clauses** is a common occurrence among both teenage groups. Restructuring of the verb patterns in subordinate clauses is seen in the tendency to increasingly position the pivot verb in subordinate clauses earlier in the sentence (as is the case in root clauses), and not at the clause boundary (e.g. “As hulle alkohol gebruik dan weet hulle nie wat **het** die vorige dag gebeur nie”). Both Northern Cape and Western Cape teenagers tend to follow a root clause verb order in the subordinate clause, which could point to a potential informalisation of the subordinate clause construction.

(iii) **The addition of articles** (e.g. “... kinders help wat saam met hul enkel ouers op **die** straat woon” x op straat) and **the suppression of articles**, usually in combination with the suppletive *meeste* (e.g. “in ons huise is **meeste** van ons geriewe elektronies” x die meeste), occur twice as frequently among Northern Cape teenagers than their Western Cape counterparts.

An overall analysis of all the colloquial-type grammatical forms in the two corpora reveals that the Western Cape teenagers are more likely to use an informal stylistic option than their northern counterparts.

Besides colloquialisms, dialectal markers are also evident in the written Afrikaans of teenagers. With regard to dialectal markers, a distinction is made between typical regional markers and supraregional forms. Typical regional markers are those lexical and grammatical features that are associated with a specific region. Supraregional forms are those that could have originated in one region but later spread to other areas, and are therefore no longer typical of a specific region.

This study found that Northern Cape teenagers are twice as likely to include regional markers in their formal writing as their Western Cape counterparts. Western Cape teenagers tend to use to a limited extent phonological markers associated with Southwestern Afrikaans in their writing (e.g. vowel raising: “gewies” x gewees and postvocalic r-deletion: “wek” x werk). In contrast, Northern Cape teenagers include a variety of grammatical (and lexical) markers associated with Northwestern Afrikaans (also known as Orange River Afrikaans) in their formal writing, such as:

- i. The use of the possessive formative *se* in combination with personal pronouns: “om **hulle se** goeters af te vat”
- ii. Prepositional suppression: “dat ek hulle sit en luister” x dat ek na hulle sit en luister
- iii. Frequent use of the preposition *af*: “kinders is ’n seëning van God **af**”
- iv. The use of the singular form instead of the plural form: “in Upington kry jy wonderlike **mens**”
- v. Unconventional use of the morphemes *-lik*, *ont-* and *-ing*: “dus baie **besonderlik** vir ons wêreld”; “behoefte mense wees wat **ontgeleerd** is”

Supraregional forms that occur frequently in both corpora include:

- i. Shortening of the /a/ vowel (e.g. “smak” x smaak) and vowel lowering (e.g. “morsag” x morsig)
- ii. Syntactic extraposition, i.e. the tendency to place objects and (adverbial) phrases in the sentence final position: “Hy het begin lag en my gedreig **met ’n mes**”
- iii. Verb regularisation: “hulle het toe toegang tot die geld **gehet**”
- iv. The temporal conjunction *wat* in place of the standard temporal conjunction *toe* to introduce temporal clauses: “**Wat** ons by die N7 kom ...”
- v. *Wat/van* in place of the conjunction *want*: “en dan weet die ouers nie meer wat om te doen nie **wat** hulle hart is baie seer”
- vi. Suppression of the verbs *het* en *wees* as well as the pronoun *ek* in subject function and the conjunction *en*: “dat dit die regte oomblik om seks te beoefen” x die regte oomblik is ...; “kon nêrens afswaai nie” x ek kon nêrens ...; “Hulle los die sport gebruik alkohol” x hulle los die sport en gebruik alkohol
- vii. *saam* construction (“with” construction): “ons het **saam** hom geloop”

The frequent use of these dialectal markers in the written Afrikaans of both the Northern Cape and Western Cape teenagers could point to an acceptance of these dialectal forms as suitable and legitimate forms for the (formal) written register.

From a corpus-linguistic perspective, this study found that there is little to choose between these two groups as far as the overall frequency of colloquial forms in their writing is concerned. Commonly used colloquial forms are used most frequently, followed by supraregional forms and lastly the typical regional markers. The biggest difference, however, between the two teenage groups relates to the use of distinctive regional markers. Northern Cape teenagers demonstrate a greater tendency to include regional markers in their writing. The most frequent type of informalisation apparent in both teenage groups is grammatical informalisation. It is more often that these “invisible” grammatical markers infiltrate formal writing inconspicuously rather than the more “visible” lexical markers.

Not all of the linguistic informalisation features discussed in this apparent-time study will necessarily find their way to Standard Afrikaans, because of the age-grading phenomenon. As teenagers grow older their formal writing of Afrikaans might change. The linguistic evidence nonetheless points to a stylistic shift towards informality in the formal written Afrikaans of teenagers. Further comparative studies in this regard would make a valuable contribution to our understanding of the state of informalisation in written Afrikaans.

**Keywords:** Afrikaans teenagers; Cape Vernacular Afrikaans; informalisation; dialectal variation; language change; media; Orange River Afrikaans; sociolinguistic change; spoken language; Standard Afrikaans; written Afrikaans

## 1. Inleiding

Taal is nie staties nie, maar is voortdurend aan die verander (Aitchison 1991:3). So byvoorbeeld is die Afrikaans wat vandag gepraat en geskryf word, nie dieselfde as ’n eeu gelede nie. Studies wys daarop dat daar veral in die 20ste eeu ’n groter geneigdheid was tot die informalisering van die (formele) skryftaal, dit wil sê die skryftaal het al hoe meer

kenmerke van die spreektaal begin aanneem (vgl. Leech, Hundt, Mair en Smith 2016:239; Mair 2006:183–93; 2015:6–7).

Jongmense word baie keer gesien as die agente van taalverandering. Holmes (1992:221) wys daarop dat jongmense nuwe vorme vinniger aanneem en dit meer dikwels gebruik as ouer sprekers. Dit verbaas daarom nie dat die taalgebruik van jongmense soms sulke hewige kritiek ontlok nie. Taalverandering word baie keer met groot agterdog bejeën en geassosieer met taalbesoedeling en die algehele verval van die taal (vgl. Aitchison 1991:4; Leech 2012:127). In die briewekolomme van Afrikaanse koerante en in mediaonderhoude word daar dikwels gekla oor Afrikaanse tieners se swak taalgebruik, onder meer dat tieners nie meer kan spel nie en nie 'n sin kan skryf sonder om Engels in te voeg nie (Wit Umfaan 2009; De Lange 2012; Bruwer 2013; Oosthuizen 2015). Hierdie impressionistiese waarnemings oor Afrikaanse tieners se skryftaal suggereer dat daar moontlik 'n stilistiese verskuiwing in die rigting van die omgangstaal plaasgevind het. Binne 'n taalveranderingsparadigma kan wat tradisioneel as spelfoute getipeer word, van waarde wees deurdat dit as aanduiders van die potensiële evolusie van die taal kan dien (vgl. Aitchison 1991:6). In hierdie ondersoek word die taalgebruik van tieners nie vanuit 'n preskriptiewe raamwerk beskryf nie, maar eerder deskriptief lig gewerp op die potensiële stilistiese verskuiwings in die skryftaal van tieners (vgl. ook Leech 2012:127).

Hierdie ondersoek het ten doel om aan die hand van korpuslinguistiese metodes te bepaal in watter mate die formele skryftaal van Afrikaanse tieners tekens toon van 'n proses van informalisering, dit wil sê om te bepaal watter kenmerke van die omgangstaal in die formele Skryf Afrikaans van tieners voorkom en hoe frekwent dit voorkom. Verskeie ondersoeke is al onderneem na die taalveranderinge in Afrikaans (vgl. die oorsig in Kirsten 2016:3–4), maar sover vasgestel kon word, is daar nog geen ondersoeke gedoen na die moontlike informalisering van die skryftaal van Afrikaanse tieners nie. Mair (2006:185) wys in hierdie verband daarop dat ondersoeke oor informalisering ("colloquialisation") hoofsaaklik gefokus het op die populêre skryftaalregisters (soos essays, briewe, fiksie), maar dat daar nou 'n klein, maar groeiende aantal onlangse ondersoeke is wat daarop dui dat informalisering die formele skryftaal kan beïnvloed.

## 2. Taalverandering en informalisering

Volgens Leech (2012:140–1) kan taalverandering beïnvloed word deur drie verwante prosesse, naamlik *grammatikalisering*, *informalisering* en *veramerikaansing*. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is die taalekstere prosesse *informalisering* van belang.<sup>1</sup>

Onder *informalisering* word verstaan die proses waardeur die skryftaal toenemend kenmerke van die spreektaal aanneem (Leech e.a. 2016:239). Leech e.a. (2016:239) verwys hierna as "writing becoming more like speech". Mair (2006:187; 2015:8) argumenteer dat *informalisering* nie net verwys na die vernouing van die stilistiese gaping tussen die skryf- en spreektaal nie, maar ook na 'n (doelbewuste) wegbeweeg van die skryfnorme wat formaliteit vooropstel na 'n stilistiese norm wat akkommoderend is ten opsigte van informaliteit. As sodanig kan informalisering ook as 'n versetstrategie gesien word wanneer dit doelbewus aangewend word om die formele karakter van die taal (en veral die standaardtaal) uit te daag.

In korpuslinguistiese ondersoeke na die informalisering van geskrewe Engels word onder meer die volgende grammatiese kenmerke geïdentifiseer as voorbeelde van informalisering wat redelik verbreid in geskrewe Engels voorkom:

- vokaalreduksie (vokaalskrapping) by die werkwoord (*it's* x *it is*) en die ontkenningswoord (*n't* x *not*)
- die 's-genitiefsvorm, soos in *Peter's house* (x *the house of Peter*)
- die progressiewe aspek, byvoorbeeld *is speaking*
- die betreklike bysin sonder *that*
- die semimodale werkwoorde<sup>2</sup> *going to*, *want to*, *need to* en *have to*
- die toenemende gebruik van vrae
- die afname in passiefkonstruksies.

(Vgl. Mair 2006:189–90; 2015: 3–5; Leech 2012:130–4; Leech e.a. 2016:240–9)

In teenstelling met die korpuslinguistiese ondersoeke na die informalisering van geskrewe Engels, is daar – sover vasgestel kon word – nog geen korpuslinguistiese ondersoeke na die informalisering van geskrewe Afrikaans onderneem nie. Ponelis (1992; 1998) het alreeds in die 1990's aangevoer dat Afrikaans toenemend onder die invloed van Engels staan – iets wat belangrike gevolge vir Standaardafrikaans kan inhou. Ponelis (1992) bespreek egter nie die informaliseringstendense wat in Standaardafrikaans waargeneem kan word nie en fokus in sy ondersoek slegs op die invloed van Engels op Omgangsafrikaans.

Kirsten (2016:272–5) het in haar ondersoek na die grammatiese veranderinge in Afrikaans van 1911 tot 2010 bevind dat die volgende grammatiese verskynsels verbind kan word met die informalisering van geskrewe Afrikaans:

- die toenemende gebruik van die tweedepersoonvoornaamwoorde *jy* en *jou*
- die toename in die gebruik van die *se*-genitiefsvorm naas die *van*-genitiefsvorm
- die toenemende gebruik van die aanwysende voornaamwoord *dié* (teenoor die meer formele *hierdie*)
- afname in passiefkonstruksies.

Ondersoeke na die informalisering van die skryftaal neig om veral te fokus op die grammatiese veranderinge wat waargeneem kan word, terwyl leksikale veranderinge onderbeklemtoon word. In Afrikaans is kodewisseling na Engels byvoorbeeld die dominante struktuurkenmerk van die omgangsvariëteite. In die afgelope drie dekades kom kodewisseling al hoe meer frekwent in skriftelike Afrikaans voor (vgl. Ponelis 1999:157). Die invloed van Engels op Standaardafrikaans kan gesien word as een van die sterkste kragte werksaam in die informalisering van Afrikaans (Ponelis 1999:164). Die Standaardafrikaanse leksikon het, te oordeel aan die normatiewe bronne die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (AWS) (1991; 2017) en die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) (2005; 2015), die afgelope drie dekades ook al hoe meer tekens van geleidelike informalisering begin toon. In hierdie normatiewe bronne word daar, in vergelyking met vroeëre uitgawes, nou groter erkenning gegee aan dialektiese vorme (soos die religieuse items van Maleise herkoms) en ander algemeen gebruiklike omgangsvorme (soos *flair*) en dit wil voorkom asof omgangsvorme, in 'n groter mate as drie dekades gelede, hul weg na Standaardafrikaans vind (vgl. die verskillende uitgawes van die AWS 1991; 2009; 2017 in hierdie verband).

Ondersoeke na die informalisering van die skryftaal gee weinig aandag aan die taalgebruik van tieners. Tieners kan egter gesien word as agente van taalverandering deurdat hulle, vergeleke met ouer sprekers, meer van vernuwende vorme gebruik maak (vgl. Holmes 1992:226; Ota en Takano 2014:199). Volgens Garcarz (2004:90, 92) is tieners ook meer geneig om die informele register te gebruik – iets wat moontlik ’n invloed op hul skryftaal kan uitoefen. Mantila (2004, soos na verwys in Nuolijärvi en Vaattovaara 2011:70), het ook bevind dat jongmense in Finland se geskrewe Fins al hoe meer gekenmerk word deur algemeen gebruiklike omgangsvorme en dialekvorme. Ondersoeke na tieners se houdings na taalvariasie in Brittanje het aan die lig gebring dat daar by Britse tieners ’n ideologiese skuif waargeneem kan word deurdat hul houdings teenoor die niestandaardvorme al hoe positiewer geword het, terwyl die standaardvorm in terme van prestige afgegradeer word (vgl. Garrett, Selleck en Coupland 2011:60). Volgens Coupland (2007:96) is die positiewe evaluering van variasie een van die algemene kenmerke van die laat-moderne era, en wel as uitvloeisel van die rol van die populêre kultuur: omgangstaalvorme word al hoe meer gehoor in nuwe ruimtes soos die radio en TV, wat voorheen uitsluitlik deur die standaardvorm oorheers is (vgl. Coupland 2007:97).

Die informalisering van geskrewe Standaardafrikaans<sup>3</sup> vind nie in isolasie plaas nie, maar word beïnvloed deur verskeie eksterne kragte wat sosiaal ingebed is. In die volgende afdeling word gekyk na watter sosiale en politieke faktore bygedra het tot die demokratiseringstendense in die samelewing wat ’n invloed kon uitgeoefen het op die veronderstelde informalisering van die skryftaal van Afrikaanse tieners.

## 2.1 Veranderende Afrikaanse taallandskap

Taalverandering gebeur nie in isolasie nie, maar kom in die konteks van sosiale verandering voor (Coupland 2014a:70). Taalverandering hang nou saam met sosiale verandering, en juis daarom is dit belangrik om die sosiale en politieke faktore by ondersoeke na taalverandering te verreken (vgl. Mair 2006:182–3; 2015:6; Coupland 2014a:70). Coupland (2009, aangehaal in 2014b:282) stel voor dat die term *sociolinguistic change* (voortaan “sosiolinguistiese verandering”) gebruik moet word vir hierdie geïntegreerde benadering tot taalverandering waarin die tweedeling tussen taalverandering en sosiale verandering opgehef word en navorsing daarop gerig is om die veranderende verhouding tussen taal en samelewing te verken en te verklaar. Die linguistiese proses *informalisering* kan gesien word as ’n weerspieëling van die demokratiseringstendense wat in ’n samelewing voorkom, en juis daarom behoort sosiale veranderinge ontgin te word as ’n integrale deel van die ontledingsraamwerk by die informaliseringsproses.

Die demokratiese politieke bestel wat ná 1994 in Suid-Afrika gevolg het, het ’n merkbare invloed op die Afrikaanse taallandskap gehad, en wel op verskeie vlakke. Een van die belangrikste makrovlakveranderinge was die toenemende oorheersing van Engels as hoëfunksietaal en die gepaardgaande afname van Afrikaans in die openbare domein as byvoorbeeld uitsaaitaal, onderrigtaal, mediataal, regstaal en taal van die staatsdiens (vgl. Giliomee 2014:579–82; 585–93; Verhoef 1997:15–6). Vir die Afrikaanssprekende het daar ’n (nuwe?) diglossiese situasie tussen Afrikaans en Engels geheers: Afrikaans was nou grotendeels ’n omgangstaal met Engels die hoëfunksietaal. Steyn en Duvenhage (2011:207) wys byvoorbeeld daarop dat in die periode 2003–2008 taalvermenging in wit huishoudings toegeneem het, en wel in só ’n mate dat dit bruin mense se taalvermenging ingehaal en verbygesteek het. Tradisioneel was kodevermenging met bruin Afrikaanssprekendes



geassosieer. Die toename in die vermenging van Engels en Afrikaans veral vanaf die 1990's is 'n direkte gevolg van die tweetalige situasie wat hom in menige Afrikaanssprekende se professionele en private lewe afspeel: Engels word toenemend as beroepstaal gebruik, terwyl Afrikaans die omgangstaal is. Dit is dus onvermydelik dat die omgangstaal (wat in intieme, ontspanne, niegemoniteerde situasies gebesig word) sterk deur die dominante taal Engels beïnvloed sal word (vgl. Ponelis 1998:5).

'n Tweede verandering in die Afrikaanse taallandskap wat in die postapartheidsera waargeneem kon word, is die demokratiseringstendense wat toenemend in die skryftaal asook die openbare domein begin voorkom het. Odendaal (2015:40–50) wys in hierdie verband daarop dat daar sedert 1990 doelbewuste pogings was om die Afrikaanse literêre sisteem meer inklusief, oftewel demokraties, te maak deur die insluiting van voorheen gemarginaliseerde stemme in die poësie. Vanaf die 1990's word omgangsvariëteite toenemend in literêre werke aangewend om uitdrukking te gee aan hierdie demokratiseringstendens in die Afrikaanse letterkunde (vgl. Odendaal 2015:40–3). Hierdie toenemende aanwending van omgangsvariëteite as skryftaalkode was nie net beperk tot die Afrikaanse poësie nie, maar kom ook in ander literêre genres voor, waaronder jeugromans, wat veral ná 1994 'n bloeitydperk beleef het. 'n Voorbeeld hiervan is die roman *Daar's vis in die punch* deur Jackie Nagtegaal (2002) wat hewige polemieë ontlok het oor die Engels-Afrikaanse taalvermenging wat daarin voorkom.

Omgangsvariëteite was egter nie net beperk tot die literêre domein nie, maar is ook in die drukmedia as skryftaalkode aangewend. Tienerafrikaans word byvoorbeeld meer dikwels ingespan as skryfkode in tydskrifte soos *Hoesit* en jeugbylaes tot hoofstroomkoerante (soos *Jip by Beeld*) wat daarop gerig is om die tienermark te bereik. Dit was egter met die verskyning van die poniekoerante *Son* en *Sondag* in onderskeidelik 2003 en 2007 dat die Afrikaanse medialandskap onherroeplik verander het (vgl. Saal 2017). Die suksesse van veral die poniekoerant *Son* het moontlik daartoe bygedra dat hoofstroomkoerante soos *Rapport* en *Beeld* toenemender tekens van informalisering begin toon het. Die versagtende houding van hoofstroom- Afrikaanse koerante teenoor veral die insluiting van Engelse woorde (alhoewel in skuinsdruk) in hul berigte die afgelope paar jaar dien as bewys hiervan. Die sporadiese insluiting van Engelse woorde in berigte van die hoofstroom- Afrikaanse *Sondag*koerant *Rapport* die afgelope paar jaar, alhoewel hoofsaaklik in die sitaatgedeeltes daarvan, dien as bewys dat die formele skryfstyl in *Rapport* meer omgangstaalkenmerke weerspieël. Smith e.a. (2012:228) wys daarop dat hoofstroomkoerante soos *Rapport* en *Beeld* almal sekere poniekoerantkenmerke oorgeneem het. Hierdie kenmerke sluit in 'n groter klem op vermaak, die dramatiese aanbieding van nuusberigte en sensasionalisme, insluitend 'n groter fokus op triviale nuus en die gebruik van 'n meer verpersoonlikte omgangstaal.

Dit is opvallend dat die Afrikaanse uitsaaimedia ná die eeuwending meer dialektiese variasie begin getoon het as wat vroeër die geval was. Dit is nou nie meer vreemd om in TV-sepies soos *Arendsvlei*, *7de Laan* en *Suidooster* en geselsprogramme soos *Jou show* streeksdialekte en ander spreektaalvorme van Afrikaans te hoor nie. Ook die musiektooneel weerspieël 'n toename in die benutting van omgangsvariëteite. Kaapse Vernakulêre Afrikaans word byvoorbeeld deur plaaslike kunstenaars soos Brasse vannie Kaap, Jack Parow en D Low as skeppingsvorm gebruik (Van der Rheede 2012:4). Teaterproduksies, soos *Afrikaaps* en *Kap 'an*, asook musiekpele soos *Ghoema* en *District Six*, is tekenend van die herlewing en groei van die omgangsvariëteite as kreatiewe uitdrukkingsvorm (vgl. Van der Rheede 2012:4).

Op akademiese gebied was daar ook 'n herlewing van die debat oor die demokratisering van Standaardafrikaans en 'n aandrang daarop dat die dialektiese basis van Standaardafrikaans verruim moet word (Van Rensburg 1992; Ponelis 1998:68; Willemsse 2012:64–87; Odendaal 2014). Normatiewe bronne soos die AWS (2009) en die HAT (2015) het ook begin om met die insluiting en erkenning van verskeie omgangsvorme 'n beduidende kopknik ten gunste van die omgangsvariëteite te gee.

Die eeuwending bring ook 'n toename in digitale kommunikasie mee wat veral gekenmerk word deur die benutting van 'n oorwegend informele en eiesoortige taalgebruik (Markman 2013:539). Sosialemediaplatforms soos Facebook en Twitter wat met die eeuwending die voorkeurmetode van (interpersoonlike) kommunikasie geword het, het nou nuwe geleenthede geskep vir die toenemende aanwending en verspreiding van 'n informele styl.

Impressionistiese waarnemings van die tipe Afrikaans wat in formele gebruikskontekste aangewend word, dui daarop dat daar 'n groeiende informaliseringstendens waargeneem kan word in openbare ruimtes wat tradisioneel as formeel gekenmerk is. Volgens McLachlan (2015:514), 'n voormalige voorsitter van die Afrikaanse Taalkommissie, is Engels-Afrikaanse taalvermenging, of "gemengde brabbeltaal", soos hy dit stel, deesdae kenmerkend van die gebruik van Afrikaans in die openbare domein:

Almal weet hoeveel Engelse woorde in private Afrikaanse gesprekke gebruik word, maar wat besonder steurend is, is die skynbare onvermoë van Afrikaanssprekende mense om hulle in gesprekke of onderhoude met die media of by openbare geleenthede in goeie Afrikaans uit te druk sonder om hulle gedurig (en onnodig) van Engelse woorde en uitdrukkings te bedien.

Luister maar hoe gereeld sportlui van *game*, *championships*, *score*, *tackle* en so meer praat. Afrikaanse sportterme word skynbaar, soos meisies wat fluit, by die deur uitgesmyt. En dan praat ek nie eens van die sogenaamde pop- en glanspersoonlikhede nie, want die meeste vind dit skynbaar onmoontlik om 'n sin sonder 'n Engelse woord in te uiter.

[...]

Mense van alle kleure en geure en stande en ouderdomme vind dit blykbaar al hoe moeiliker om in die openbaar te praat sonder om Engelse woorde en uitdrukkings te gebruik, of hulle gee nie meer om om gemengde brabbeltaal in die openbaar te gebruik nie, of hulle dink die Engels tussenin laat hulle byderwets of jonk of koel of meer aanvaarbaar of iets klink.

Die informalisering van die media en ander openbare domeine wat tradisioneel met 'n formele register geassosieer word, maak deel uit van wat Fairclough (1992, soos na verwys in Mair 2015:7) die "demokratisering van die diskoers" noem. Demokratisering van die diskoers verwys na die erodering van daardie sigbare merkers van magsongelykheid, waaronder die ongelykheid tussen die spreek- en skryftaal. Voorbeelde van sodanige "demokratisering van die diskoers" kan waargeneem word in koerante en advertensies wat al hoe meer tekens van 'n informele spreektaalregister vertoon (Fairclough 1992, soos na verwys in Mair 2006:187; ook Duguid 2010 en Vis, Sanders en Spooen 2012 vir 'n bespreking van die toenemende informalisering in koerante). Die informalisering van die skryftaal staan in diens van 'n

veranderende verhouding tussen die spreek- en skryftaal wat die vermindering inhou van daardie merkers van afstand, prestige en meerderwaardigheid waarmee die skryftaal geassosieer word (vgl. Leech e.a. 2016:259).

Die toenemende informaliseringstendense wat in die Afrikaanse media en ander openbare ruimtes waargeneem kan word, laat vrae ontstaan oor die aard van die invloed daarvan op formele Skryftaalafrikaans (en by implikasie Standaardafrikaans). Watter invloed het die media op taalverandering, spesifiek op die informalisering van die skryftaal?

## **2.2 Rol van die media by taalverandering**

Ondersoeke na die invloed van die massamedia op sosiolinguistiese verandering fokus primêr op die rol van televisie. Om TV regstreeks of op die internet te kyk, is volgens Buchstaller (2014:206), die primêre ontspanningsaktiwiteit by tieners: in die VSA spandeer Amerikaanse tieners ongeveer 4 uur en 30 minute per dag voor die TV en volgens 'n ondersoek deur die Nielsen Foundation (2009; aangehaal in Buchstaller 2014:206) spandeer tieners in lande soos Suid-Afrika en Ierland selfs veel langer tyd voor die TV as hul Amerikaanse eweknieë.

Oor die invloed van die media op sosiolinguistiese verandering bestaan daar twee duidelik uiteenlopende standpunte. Sommige sosiolinguiste, soos Trudgill en Labov, verwerp die aanname dat die media enigsins 'n invloed op sistemiese linguistiese verandering kan uitoefen. In die woorde van Labov (2001:228): "But all of the evidence generated in this volume and elsewhere points to the conclusion that language is not systematically affected by the mass media, and is influenced primarily in face-to-face interactions with peers."

Ander sosiolinguiste, soos Coupland (2014a), Kristiansen (2014) en Ota en Takano (2014), is weer van mening dat die media wel 'n beduidende rol kan speel, hetsy direk of indirek, by sosiolinguistiese verandering.

Dit is egter nie so maklik om 'n direkte verband te vestig tussen die invloed van die media en linguistiese verandering nie, juis vanweë die feit dat sodanige linguistiese verandering ook met ander sosiopolitieke en ekonomiese veranderinge kan saamval (Buchstaller 2014:209; Stuart-Smith en Ota 2014:129). Die empiriese bewyse vir die potensiële invloed van die media is egter nog beperk, wat daartoe lei dat die invloed van die media hoogstens afgelei kan word (sien die oorsig in Sayers 2014).

In sosiolinguistiese ondersoeke na die invloed van die media op taalverandering val die fokus veral op twee soorte veranderinge, naamlik strukturele linguistiese veranderinge en taalideologiese en taalhoudingsveranderinge (Stuart-Smith en Ota 2014:128). Volgens Buchstaller (2014:206) het die uitsaaimedia die potensiaal om linguistiese variante vinniger te versprei, asook om bepaalde ideologieë oor normatiewe taalgebruik te (her)vorm. Kristiansen (2014) wys byvoorbeeld hoe mediakontekstualiserings van die plaaslike dialekte in Noorweë bygedra het tot groter aanvaarding en waardering van die plaaslike dialekte, dit wil sê tot die bevordering en vestiging van die variasie-ideologie. Hierteenoor was die uitsaaimedia in Denemarke weer instrumenteel in die verspreiding en bevordering van die standaardtaal ten koste van die dialekte, dit is die bevordering van die standaardtaalideologie wat gelei het tot 'n proses van dialektgelykmaking ("dialect levelling").

Die media het ook 'n beduidende invloed op die snelle verspreiding van linguistiese variante oor geografiese grense heen. Daar word algemeen aanvaar dat linguistiese veranderinge hul oorsprong het in aangesig-tot-aangesig-interaksie, maar dat die media 'n invloed uitoefen op die snelle verspreiding van linguistiese variante oor geografiese grense en tyd heen (Stuart-Smith, Pryce, Timmins en Gunter 2013:502–5; Holmes 1992:237–8). So byvoorbeeld het die media 'n belangrike invloed gehad op die snelle globale verspreiding van die kwotatief "like" na verskillende variëteite van Engels, asook die verspreiding daarvan na ander tale, soos Afrikaans. Na hierdie snelle verspreiding van linguistiese variante / leksikale vernuwings word daar in die literatuur verwys as "off the shelf"-veranderinge (Eckert 2003, soos na verwys in Stuart-Smith e.a. 2013:505).

Die media word dus gesien as 'n "rak" waar sprekers leksikale vernuwings toe-eien, herkontekstualiseer en hersemiotiseer vir hul gelokaliseerde gesprekskonteks (Buchstaller 2014:209). Volgens Buchstaller (2014:210) verskaf die uitsaaimedia aan die spreker sosiolinguistiese hulpbronne wat die spreker vir bepaalde stilistiese doeleindes kan gebruik, byvoorbeeld om register te sinjaleer. 'n Voorbeeld hiervan is die gewilde uitdrukking "Gun my die geleentheid om 'n paar gevleuelde woorde te uiter" wat die bekende karakter Oubaas in die Afrikaanse sepie *7de Laan* dikwels gebruik het om sy formele toesprake in te lei. Dit is nie ongewoon om hierdie uitdrukking tydens toesprake by geleenthede soos troues en verjaardagvieringe te hoor nie. Stuart-Smith en Ota (2014:134; na aanleiding van Coupland 2007:185) wys daarop dat "some stylistic variation in the community increasingly [has] the feel of mediated discourse".

Vir die uitsaaimedia om by die snelle linguistiese verspreiding 'n rol te speel is blote blootstelling aan die media nie genoeg nie. Ondersoeke het bevind dat die effek van die media op linguistiese verandering verhoog word wanneer die spreker 'n sielkundige en emosionele betrokkenheid by 'n program en/of karakter openbaar (soos die karakter Naomi in die sepie *Binnelanders*) wat met die spreker se sosiale ondervinding strook (Stuart-Smith e.a. 2013; Stuart-Smith en Ota 2014). Naas hierdie emosionele belegging van die spreker by programme/karakters speel die sosiale betekenis en sosiale prestige (hetsy sigbaar ("overt") of bedek ("covert")) wat die spreker met hierdie vernuwende variante verbind, 'n ewe belangrike rol in die snelle verspreiding van linguistiese variante (vgl. Stuart-Smith e.a. 2013:531; Holmes 1992:237). Media het die potensiaal om nuwe sosiale betekenis vir bestaande linguistiese variante te bied (Stuart-Smith en Ota 2014:133).

Dit is nie vergesog om aan te voer dat linguistiese vernuwings wat in die media "opgevoer" (gestileer) word, kan deursypel na die formele skryftaalregister van jongmense nie, juis vanweë die feit dat die "strict divisions between media language and community language are becoming blurred as linguistic styles are produced and reproduced" (Stuart-Smith en Ota 2014:133). Media het die potensiaal om die skeiding tussen die private en die openbare ruimtes af te breek, sodat die twee ruimtes mettertyd ineengestremel kan raak. Die media stel nie net die kyker bloot aan taalvariasie nie, maar skep ook geleenthede vir die vestiging van nuwe taalhoudings en linguistiese voorstellings (Kristiansen 2014:115). Die koverte prestige (d.i. in terme van status of solidariteit) wat sommige linguistiese variante in mediataal verkry, kan ook die toe-eiening daarvan in die formele register verhaas.

Die informele styl wat in die mediataal ingespan word, het die potensiaal om as model te dien vir hoe tieners hul skryftaalregister stileer. Ota en Takano (2014:187) het byvoorbeeld bevind dat die informele, ontspanne TV- Japannese aksent in sommige gevalle die standaardaksent

vervang het. Die verwagting in hierdie ondersoek is nie dat die skryftaalregister deur 'n spreektaalregister vervang sal word nie, maar wel dat tieners linguistiese/vernuwende variante van die mediarak sal kies en vir hul spesifieke kommunikasiebehoefte sal gebruik. Die veronderstelling in hierdie studie is dat Noord- en Wes-Kaapse tieners se skryftaalregister van Afrikaans 'n redelike mate van ooreenkoms sal toon wat betref die informaliseringskenmerke, juis vanweë die feit dat die mediataal as model kan dien vir hul gestileerde voorstelling van 'n formele skryftaalregister. Mantilla (2004, soos na verwys in Nuolijärvi en Vaattovaara 2011:70) het met sy ondersoek na jongmense se geskrewe Fins bevind dat daar, ongeag hul geografiese herkoms, ooreenkomste met omgangsvorme ("colloquialisms") en sekere dialektkenmerke in hulle geskrewe tekste waargeneem kon word.

Die mediakontekstualiserings van dialektiese variasie het ook die potensiaal om sodanige variasie te legitimeer as gepas vir daardie institusionele ruimtes wat vroeër deur die standaardvorm oorheers is, en as sodanig kan dit daartoe bydra dat wat aanvanklik as "gepaste" en "onvanpaste" taalgedrag gesien is, vir bepaalde gebruikskontekste herevalueer, herbedink en aangepas word. Coupland (2014a:78) argumenteer dat "mediatization changes the terms of our social engagement with language [...] [and that media] continually reinvent new indexical relations, positing new relations between ways of speaking and social ways of being" (ons invoeging). Die reëlmatige blootstelling aan dialektiese variasie in TV-programme soos sepies waar die leser 'n emosionele belegging maak, kan daartoe lei dat dialektiese vorme nie meer die aandag trek nie, omdat dit gesien word as "ongewoon", "vreemd" of "koddig", wat, op sy beurt, tot gevolg kan hê dat sulke dialektiese vorme die skryftaalregister ongesiens kan binnesluip (vgl. ook Nuolijärvi en Vaattovaara 2011:70).

Ondersoeke na die invloed van die media op sosiolinguistiese verandering is hoofsaaklik beperk tot die uitsaaimedia, terwyl die invloed van sosiale media op sosiolinguistiese verandering nog weinig aandag geniet het (Buchstaller 2014:212). Ondersoeke na die invloed van SMS-taalgebruik (taalgebruik in teksboodskappe) is hoofsaaklik beperk tot die spel- en skryfvermoë van skoolleerders. Hierdie ondersoeke lewer egter heelwat uiteenlopende resultate, wat gevolgtrekkings bemoeilik (vgl. die oorsig in Steyn 2015:36-61). Steyn (2015) het ondersoek ingestel na Engelse skoolleerders se vermoë om die foutiewe gebruik van SMS-taal in 'n formeel-geskrewe brief korrek te identifiseer. Hy het bevind dat leerders in staat was om twee derdes van die SMS-foute in die brief korrek te identifiseer. By nadere ondersoek het dit egter geblyk dat die SMS-foute wat leerders makliker kon identifiseer, sigbare SMS-taalmerkers is, soos letter-en-getal-homofone ("b4"), simbole en emotikone (#), niekonvensionele spellings ("skool" x "school"), en akronieme en inisialismes ("SA", "LMAO"). Die "minder opsigtelike" informele taalmerkers is soms deur leerders misgekyk en nie gekorrigeer nie. Van die minder opsigtelike informele taalmerkers het ingesluit: die informele aanspreekvorm ("Hi"), slengmerkers ("cool"), inkortings ("info"), klisis ("won't") en sametrekkings ("gonna" x "going to"). Dit blyk dus dat sekere omgangsvorme by leerders so ingeburger en gevestig kan raak dat 'n registeronderskeid nie meer gehandhaaf word nie.

Soos uit bostaande bespreking blyk, behoort die impak van die media (beide die uitsaaimedia en die informele sosiale media) op die informalisering van die skryftaal nie ontken te word nie. Die veronderstelling in hierdie ondersoek is dat ongeag die verskillende geografiese liggings van die Afrikaanse tieners, hulle formele skryftaal tog 'n mate van ooreenkoms sal toon met mekaar wat betref sekere informaliseringskenmerke. Hierdie potensiële ooreenkomste in die gebruik van informele merkers in die skryftaalregister kan tot 'n sekere mate direk of indirek aan die invloed van die media toegeskryf word.

Die veronderstelde informalisering van die skryftaal onder Afrikaanse tieners laat vrae ontstaan oor die blywende aard van sodanige taalveranderinge. Is sulke taalveranderinge beperk tot slegs dié bepaalde generasie of kan dit gesien word as 'n vroeë stadium van taalverandering in die taalgemeenskap? In die volgende afdeling word enkele van die metodologiese probleme wat ondersoek na taalveranderinge by tieners tot gevolg kan hê, belig.

### 3. Metode van ondersoek

In hierdie studie word daar ondersoek ingestel na die veranderinge wat by die formele skryftaal van Afrikaanse tieners voorkom. Die primêre aanname vir die keuse van tieners as ondersoeksubjek is dat hulle gewoonlik baie meer ontvanklik vir taalverandering is.

In hierdie afdeling word daar eerstens gekyk na hoe die korpus van formeel geskrewe tekste saamgestel is, en daarna word enkele metodologiese uitdagings belig.

#### 3.1 Die korpus

Graad 10-leerders<sup>4</sup> verbode aan 'n skool in die Wes-Kaap (Piketberg) en 'n skool in die Noord-Kaap (Upington) en wat Afrikaans as huistaal besig, is versoek om tydens 'n klasperiode van ongeveer 40 minute lank 'n formele opstel van ongeveer 'n bladsy lank te skryf.

Die skool in die Noord-Kaap het 29 opstelle gelewer waarvan 13 (45%) deur seuns en 16 (55%) deur dogters geskryf is. Die onderwerpe het ingesluit:

Wat 'n wonderlike wêreld!  
Só het ek my meisie of kêrel ontmoet  
Die geheimsinnige verdwyning van ...  
Moeders sonder werk.

Die skool in die Wes-Kaap het 36 opstelle gelewer waarvan 9 (25%) deur seuns en 27 (75%) deur dogters geskryf is. Die onderwerpe het ingesluit:

Hoe ek ternouernood aan die dood ontkom het  
Die moderne jeug gaan die kreeftegang.

Twee stelle korpusse van formeel geskrewe opstelle is onderskei: 'n Noord-Kaapse korpus bestaande uit 8 297 woorde en 'n Wes-Kaapse korpus bestaande uit 8 120 woorde. Hierdie twee stelle korpusse is vervolgens korpuslinguisties ontleed deur te fokus op die omgangsvorme wat in die korpusse voorkom. Die aard en frekwensie van die omgangsvorme in die korpusse is met mekaar vergelyk en bespreek. Die frekwensie van die omgangsvorme is soos volg bereken:

$$\frac{\text{aantal gevalle van omgangsvorme}}{\text{totale aantal woorde in korpus}} \times 1\,000 = \text{aantal omgangsvorme per } 1\,000 \text{ woorde}$$

Frekwensie-ontledings, wat met die hand gedoen is (en nie met behulp van korpussagteware-programme nie), en wel op grond van die groot verskeidenheid omgangsvorme, dui aan hoe frekvent die omgangsvorme in die twee tekskorpusse voorgekom het.

### 3.2 *Beperkinge van die skyntydsbenadering*

In hierdie ondersoek word 'n skyntydsbenadering ("apparent-time approach") gevolg, eerder as 'n werkliketydsbenadering ("real-time approach") (vgl. Mair 2006:21–33). Die gebrek aan data oor geskrewe tekste deur Afrikaanse tieners in vorige tydspanne het dit onmoontlik gemaak om 'n werkliketydsbenadering te volg waar data uit twee of meer verskillende tydspanne met mekaar vergelyk kan word. Die skyntydsbenadering word in hierdie ondersoek gevolg, met inagneming van die beperkinge. Onder 'n skyntydsbenadering tot taalverandering word verstaan dat sinchroniese data versamel en ontleed word, en daarna dan afleidings oor waarskynlike diachroniese data gemaak word (Mair 2006:29). Om taalveranderinge by jong sprekers te identifiseer, is geen maklike taak nie, omdat hierdie taak veral deur die verskynsel *ouderdomsgradering* ("age grading") bemoeilik word (Mair 2006:29). Hierdie verskynsel hou in dat niestandaardvorme 'n hoër frekwensie onder jong sprekers geniet, maar dan afneem soos die spreker ouer word en meer standaardvorme begin gebruik om aan bepaalde taalverwagtinge te voldoen (vgl. Holmes 1992:226).

Die aanname wat in hierdie ondersoek gemaak word, is dat spreektaalvorme wat die skryftaal van Afrikaanse tieners binnedring, as potensiële merkers van 'n vroeë fase van linguïstiese verandering gesien kan word, juis omdat dit deur die (bewuste) filter van formaliteit geglip het (vgl. ook Mair 2006:29). Dit hou egter nie in dat alle informaliseringskenmerke wat in die skryftaal van tieners voorkom, noodwendig as blywende linguïstiese verandering gesien kan word nie. Die waarde van hierdie ondersoek lê egter daarin dat hierdie skyntyds ondersoek 'n aanduiding kan gee van watter linguïstiese veranderinge om verdere ondersoek sou vra (vgl. Mair 2006:34).

## 4. Spreektaalkenmerke in die skryftaal

Die spreektaalkenmerke in die twee korpusse val in twee hoofgroepe uiteen: algemeen gebruiklike omgangsvorme ("colloquialisms") en dialektiese vorme. By dialektiese vorme word 'n verdere onderskeid getref tussen tipiese streek- en groepmerkers en suprastreeksvorme. Onder laasgenoemde word verstaan streeksvorme wat nie meer streekspesifiek is nie, maar 'n voorkomsvrekwensie in meerdere streke het. 'n Derde groep verskynsels is in die twee korpusse geïdentifiseer, naamlik ortografiese veranderinge en hiperkorrekte taalgebruik. Hierdie verskynsels kan nie as tipiese spreektaalverskynsels gesien word nie, maar dit het so frekvent in die teksdata voorgekom dat dit nie in die bespreking geïgnoreer kon word nie. Hierdie derde groep verskynsels gee 'n aanduiding van die potensiële veranderinge wat die skryftaal mettertyd kan kenmerk.

Vervolgens word elk van die drie kategorieë aan die hand van tersaaklike voorbeelde uit die twee korpusse bespreek.

#### 4.1 Algemeen gebruikelike omgangsvorme

In die twee korpusse is die algemene omgangsvorme uiteraard die frekwentste. Die algemene omgangsvorme is egter nie beperk tot slegs die leksikon nie, want ook die grammatika toon verskeie spreektaalinvloede. Ook enkele algemene uitspraakverskynsels (soos assimilasie) vind in die skryftaal van die tieners neerslag.

##### 4.1.1 Spreektaalinvloede op leksikale gebied

Spreektaalinvloede op leksikale vlak kom op vier wyses in die geskrewe opstelle tot uiting, t.w. as (i) sinsinterne kodewisseling na Engels, (ii) verafrikaansing van Engelse ontlenings, (iii) direkte vertalings uit Engels, en (iv) Afrikaans-spesifieke spreektaalitems. Hierdie vier vorme van spreektaalinvloed kom vervolgens aan bod, waarna daar kortliks op (v) die frekwensie van spreektaalitems in kombinasie gewys word.

##### (i) Sinsinterne kodewisseling na Engels

Voorbeelde van kodewisseling uit die twee korpusse word in tabel 1 verskaf.

**Tabel 1. Voorbeelde van sinsinterne kodewisseling**

<b>Wes-Kaap</b>	<b>Noord-Kaap</b>
En hulle gaan ons vir 'n <b>spin</b> vat	Van dai omluk as jy hom sien begin jou net begin <b>smile</b>
Party jongmense probeer <b>cool</b> wees	Die eerste dag toe ek haar sien toe <b>likes</b> ek haar
... maar hulle <b>fool</b> hulleself	... en dies wat so <b>boring</b> is en vervelag
Baie tieners word gedwing om voortuidige (sic) <b>sex</b> te hê	... ek het weer terug na die <b>party</b> gekeer
Daarna het ek al my <b>puzzles</b> gevul	Niemand sal wil <b>down</b> gedruk word deur 'n ander nie

Frekwensie-ontledings het getoon dat die frekwensie van kodewisseling in die Wes-Kaapse korpus op 1,72 wisselings per 1 000 woorde te staan gekom het, terwyl dit in die Noord-Kaapse korpus 2,05 wisselings per 1 000 woorde was. Die marginaal hoër frekwensie van individuele wisselings in die Noord-Kaapse korpus is betekenisvol gesien in die konteks van die geografiese variëteite wat in die twee streke gebesig word. In die Wes-Kaap word die geografiese variëteit Suidwestelike/Wes-Kaapse Afrikaans (ook Kaapse Vernakulêre Afrikaans) gebesig wat die ineenvlegting van Afrikaans en Engels as dominante struktuurkenmerk het (vgl. Hendricks 2012:103; 2016:3, 6–7; Ponelis 1993:65). Hierteenoor word die Afrikaans-Engelse vermenging nie gereken as een van die heersende struktuurkenmerke van die geografiese variëteite wat in die Noord-Kaap gebesig word nie, te wete Noordwestelike Afrikaans (ook Oranjerivierafrikaans) (waaronder die subvariëteite Namakwalandse Afrikaans en Griekwa-Afrikaans) (vgl. Ponelis 1993:63). By 'n nadere ontleding van die Noord-Kaapse korpus was die invloed van die media (en veral dan die sosiale media) duidelik waarneembaar. Van die frekwentste wisselings het ingesluit die Engelse items "like" (5 keer), "smile" (3 keer) en "party"(2 keer). Die insluiting van items soos "like" en "smile" in die geskrewe opstelle kan moontlik toegeskryf word aan die



gereelde gebruik van en blootstelling aan die *like*-funksie en die *smile*-emoji's op sosiale media.

Die insluiting van Engelse leksikale items in 'n formele skryftaak (wat as die sigbaarste taalmerkers van informaliteit gesien sou kon word) is moontlik tekenend van die ingeburgerde en gevestigde aard van hierdie Engelse leksikale items in die skryftaalregister van tieners. Die feit dat sulke sigbare informele merkers (d.i. Engelse leksikale items) in die geskrewe opdragte ingesluit word, kan dui op 'n waarskynlike normalisering (en legitimering) van kodewisseling (of dan 'n beperkte vorm daarvan) in skriftelike gebruik onder tieners. Hierdie veronderstelde normalisering van kodewisseling impliseer ook 'n geleidelike normverandering: die grense van wat as "gepaste" en "onvanpaste" taalgebruik gesien word, word al hoe meer vloeibaar en daar is duidelike verskuiwings waarneembaar.

Die rol van die media om normverandering te weeg te bring, kan nie geringeskat word nie. Coupland (2007:171; 2010:69) wys byvoorbeeld daarop dat die toenemende gebruik van die vernakulêr in veral die massamedia op lang termyn daartoe kan bydra om voorheen gestigmatiseerde variëteite van 'n nuwe positiewe inhoud te voorsien en gevestigde sosiale stereotipes wat met hierdie spreektaalvorme verbind word, uit te daag. Hy wys byvoorbeeld daarop hoe die gestigmatiseerde noordelike Engelse vernakulêr deur blootstelling in die media gewild geword het deurdat dit met vernuwende kinder-TV-programme geassosieer is (Coupland 2007:185). Afrikaanse tieners se gereelde blootstelling aan Engels, asook kodewisseling in die uitsaai- en sosiale media (laasgenoemde met sy kenmerkende informele skryftaalvorm), kan daartoe lei dat die ineenvlegting van Engelse leksikale items in die skryftaal nie meer die aandag trek nie en derhalwe al hoe meer as legitieme (formele) skryfvorme gesien word.

#### (ii) Verafrikaansing van Engelse ontlenings

'n Strategie wat Afrikaanssprekers baie keer in skriftelike gebruik aanwend, is om Engelse ontlenings in 'n Afrikaanse "gewaad" aan te bied wanneer die gepaste Afrikaanse ekwivalent by hulle ontbreek. In tabel 2 hier onder word enkele voorbeelde van sulke verafrikaanse vorme uit die twee korpusse verskaf:

**Tabel 2. Voorbeelde van verafrikaanse vorme**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Net om seker te maak ek is <b>oraait</b> vat hulle my hospital toe	Toe is dit moes wat ek nie weer van haar begin <b>warrie</b> het nie
toe is daar 'n groot hond in die <b>jaart</b>	Ons land is so <b>opses</b> om te weet wat in ons wêreld aangaan
Die motor het <b>brieke</b> gevang	
Hulle <b>bank</b> klasse om verkeerde dinge te doen.	
Ek het my <b>memorie</b> verloor	

Dit was opvallend dat die tieners van die Wes-Kaap meer gebruik gemaak het van verafrikaanste vorme as die Noord-Kaapse tieners (Wes-Kaap: 1 verafrikaanste vorm per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 0,2 verafrikaanste vorm per 1 000 woorde). Die rede hiervoor kan wees dat Engelse leksikale items so gevestig of ingeburger geraak het dat dit die ekwivalente Afrikaanse item verdring het, met die gevolg dat verafrikaanste vorme aangewend word in 'n poging om te voldoen aan die norme ten opsigte van wat gesien word as "gepaste" Afrikaans in die skriftelike domein. Sommige verafrikaanste vorme (soos "opses", "warrie" en "memorie") kan as 'n doelbewuste strategie gesien word om aan die teks 'n verhoogde Afrikaanse "karakter" te gee (vgl. AWS 2017:708), terwyl dit nie die geval is by meer ingeburgerde verafrikaanste vorme (soos "jaart", "briek" en "bank") nie. Die feit dat heelwat minder verafrikaanste vorme by die Noord-Kaapse tieners voorkom, het waarskynlik daarmee te make dat tieners óf die ekwivalente Afrikaanse vorm makliker kon oproep óf gewoon voorkeur gegee het aan die direkte oorneem van die Engelse leksikale item.

### (iii) Direkte vertalings uit Engels

Voorbeelde van direkte vertalings uit Engels wat in die twee korpusse voorkom, word in tabel 3 verskaf:

**Tabel 3. Voorbeelde van direk-vertaalde vorme**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Die pa's <b>maak</b> net kinders.	Toe begin dinge uitrafel en ons <b>breek op</b>
Baie tieners <b>hang</b> hulle <b>op</b> aan dagga en tik.	Mense van ander plekke kom hou <b>somstyds</b> vakansie hier.
Kinders wat vandag matriek <b>gemaak</b> het	Later was stoom motors (sic) ontdek <b>agterna</b> was die eerste motor gemaak.
	Die wonderlike wêreld wat deur God gemaak is, moet ons <b>respek</b> .

Direkte vertalings het, soos in die geval van verafrikaanste vorme, meer frekwent voorgekom onder die Wes-Kaapse tieners in vergelyking met die Noord-Kaapse tieners (Wes-Kaap: 1,48 direkte vertalings per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 0,84 direkte vertalings per 1 000 woorde). Die meer frekwente gebruik van direkte vertalings by Wes-Kaapse tieners kan tekenend wees van 'n groter invloed van Engels op die leefwêreld van hierdie tieners. Volgens Ponelis (1998:40) kan direkte vertalings funksioneer as 'n kragtige strategie wat deur Afrikaanssprekendes gebruik kan word "om die 'Engelse' konseptuele wêreld sy eie te maak". In teenstelling met direkte ontlenings uit Engels tree direkte vertalings op soos Afrikaanse woorde; dus verbaas dit nie dat direkte vertalings baie keer deur die spreker self as Standaardafrikaans gesien word nie (vgl. De Wet 1997:389–91).

Die invloed van Engels op die Afrikaanse leksikon word duideliker as daar gekombineerd gekyk word na die drie talige verskynsels wat hier bo bespreek is (te wete *kodewisseling*, *verafrikaanste vorme* en *direkte vertalings*). 'n Gekombineerde frekwensie-ontleding van die

drie bespreekte verskynsels hier bo toon dat in skriftelike gebruik Wes-Kaapse tieners 4,19 Engelsafkomstige items per 1 000 woorde aanwend, terwyl Noord-Kaapse tieners 3,13 Engelsafkomstige items per 1 000 woorde gebruik. Hiervolgens blyk dit dat die Wes-Kaapse tieners se skryftaal, wat betref die leksikon, sterker in 'n Engelse konseptuele web gespin is as die Noord-Kaapse tieners s'n. Dit blyk dat Noord-Kaapse tieners, in die algemeen, meer geredelik toegang tot of blootstelling aan Standaardafrikaanse ekwivalente het, terwyl die Wes-Kaapse tieners meer geredelik gekonfronteer word met Engelse leksikale items wat dan óf direk oorgeneem word, óf klankmatig verafrikaans word, óf direk na Afrikaans toe vertaal word.

#### (iv) Afrikaans-spesifieke spreektaalitems

Afrikaans-spesifieke spreektaalitems is daardie groep spreektaalitems wat nie herkenbaar deur Engels beïnvloed is nie en wat geografies verbreed in die Afrikaanse spraakgemeenskap voorkom. Van hierdie spreektaalitems is in die *HAT*(2015) gelemmatiseer en met die etiket "informeel" gemerk (byvoorbeeld "daai"), terwyl ander leksikale items (byvoorbeeld "dies" < diegene) of hulle betekenis nog nie opgeneem is nie. In tabel 4 hier onder word enkele van hierdie verbrede spreektaalitems geïllustreer aangegee.

**Tabel 4. Voorbeelde van Afrikaans-spesifieke spreektaalitems**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Om meisies of <b>oukies</b> te hê	Na 'n maand het hy <b>trug</b> gekom
Toe kry ek 'n <b>helse</b> koppyn	En <b>dies</b> wat so boring is en vervelag
Baie tieners moet die skool <b>los</b> omdat hulle swanger is	En hy het gewonder <b>watse</b> mooi meisie is die
Toe ek weer sien was daar 'n <b>trop</b> mense	Ek het nie geweet wat om op <b>daai</b> oomblik te maak nie
	van <b>dai</b> dag was vir jou baie spesiaal

Frekwensie-ontledings het getoon dat Noord-Kaapse tieners marginaal meer dikwels gebruik gemaak het van Afrikaans-spesifieke spreektaalitems vergeleke met die Wes-Kaapse tieners (Wes-Kaap: 0,74 spreektaalitems per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 1,21 spreektaalitems per 1 000 woorde).

#### (v) Frekwensie van spreektaalitems in kombinasie

Wanneer die spreektaalitems in (i) tot (iv) hier bo in kombinasie beskou word, is die frekwensie van algemeen gebruiklike spreektaalitems in beide korpusse basies dieselfde: Wes-Kaapse tieners het 4,93 algemeen gebruiklike spreektaalitems per 1 000 woorde in hul opstelde gebruik, terwyl Noord-Kaapse tieners 4,34 spreektaalitems per 1 000 woorde gebruik het. In die geheel beskou, is daar is dus min te kies tussen die Wes-Kaapse en Noord-Kaapse

tieners wat betref die frekwente aard van die algemene omgangsvorme. Die verskil tussen die twee tiengroepe lê eerder in die tipe omgangsvorm wat aangewend word.

Dit blyk dus dat die skryftaal van sowel die Wes-Kaapse as die Noord-Kaapse tieners neigings toon van leksikale informalisering in soverre dit die algemene omgangsvorme betref. Die vraag of hierdie informaliseringstendens ook op grammatiese gebied waarneembaar is, word vervolgens ondersoek.

#### 4.1.2 Spreektaalinvloede op grammatiese gebied

Grammatiese veranderinge is, in teenstelling met leksikale veranderinge, nie altyd so maklik sigbaar nie en gebeur eintlik "onder die oppervlak" (vgl. Mair 2006:17). Dit is by grammatiese veranderinge waar die grens tussen "informeel" en "formeel" asook tussen "gepaste" en "onvanpaste taalgebruik" vervaag en nie so duidelik waarneembaar en onderskeibaar vir die spreker of skrywer is nie.

Die spreektaalinvloede wat op grammatiese gebied waargeneem kan word, sluit in (in dalende volgorde) onderskeidelik (i) voorsetselgebruik, (ii) werkwoordsvorme en -plasing, (iii) lidwoordweglating/-toevoeging en (iv) dubbele graadtrapvorming. Die bespreking word in paragraaf (v) hier onder afgesluit met 'n gekombineerde frekwensie-ontleding van al die bespreekte spreektaal- grammatiese verskynsels.

##### (i) Voorsetselgebruik

In die twee korpusse het die gebruik van die voorsetsel *vir* voor veral persoonsoobjekte redelik frekwent voorgekom. Voorbeelde hiervan word in tabel 5 aangegee.

**Tabel 5. Enkele voorbeelde van *vir* voor persoonsoobjekte**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
En hulle gaan <b>vir</b> ons vir 'n spin vat	... en <b>vir</b> hulle gevra
Ek het nie <b>vir</b> hom gehoor nie	... en <b>vir</b> ons gesit en geniet
Die tyd toe die suster kom het sy dadelik <b>vir</b> die dokter geroep	... om <b>vir</b> my weg te hou van die verkeerde dinge

Die gebruik van *vir* voor die persoonsoobjek (soos in die voorbeelde hier bo geïllustreer) word gesien as kenmerkend van die spreektaal, terwyl die skryftaal voorkeur gee aan die gebruik sonder *vir* in objekkonstruksies waar *vir* opsioneel is (vgl. Carstens 2011:59). In die Wes-Kaapse korpus word die opsionele *vir* voor die objek ook na niemenslike objekte uitgebrei: *Die tieners steel vir die dwelms*.

Die voorkeur gebruik van die opsionele *vir* in objekkonstruksies word in verskeie dialekwerke beskryf as 'n kenmerkende verskynsel van Kaapse Vernakulêre Afrikaans wat via Laagportugees die variëteit binnegekom het (vgl. Hendricks 2012:107; Kotzé 1984:58; Raidt 1989:122). Alhoewel hierdie verskynsel met groter reëlmaat in die Wes-Kaapse korpus

voorgekom het, is dit nie tot die Wes-Kaap beperk nie; trouens, dit het geografies 'n veel groter reikwydte (vgl. Ponelis 1993:267). Die voorkoms van die opsionele *vir* in objekkonstruksies ook onder Noord-Kaapse tieners dien as bewys van die geografies verbreide aard van hierdie verskynsel. Die verskynsel word hier as 'n algemeen gebruiklike spreektaalverskynsel gesien en nie as 'n geolektiese verskynsel nie.

Dit was verder opvallend uit die twee korpusse dat die gebruik van voorsetsels baie keer nie volgens die normatiewe patroon plaasvind nie, maar gereeld (soms weens Engelse invloed) 'n andersoortige voorsetselpatroon aanneem. Soos in tabel 6 aangedui, is dit onder meer die voorsetsels *in*, *op*, *aan*, *van* en *na* wat anders ingespan word.

**Tabel 6. Voorbeelde van die andersoortige gebruik van die voorsetsels *in*, *op*, *aan* en *van***

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Daar is baie tienerswangerskappe <b>in</b> die jeug (x onder)	maar <b>in</b> die ander kant (x aan)
Hulle almal loop net heeldag <b>op</b> die strate (x in)	Ons het die hele aand daar <b>op</b> die park gesit (x in)
Ek ry toe vas <b>aan</b> 'n boom (x teen)	mense wat net nie <b>aan</b> mense belangstel nie (x in)
Vandag se jongmense kan 'n verskil maak <b>van</b> hul lewens (x aan)	Dat 'n ander nie geintemideur (sic) word <b>van</b> 'n ander mens nie (x deur)

In teenstelling met bogenoemde voorsetselgebruike het daar slegs enkele gevalle van voorsetselskeiding in die twee korpusse voorgekom. Voorsetselskeiding, wat waarskynlik aan Engels ontleen is (vgl. Ponelis 1993:119), kan as kenmerkend van die algemene spreektaal gesien word (vgl. Carstens 2011:67). Voorbeelde uit die twee korpusse is die volgende:

Noord-Kaap:

... en ook dankie sê **vir dit** (x daarvoor)

Ek het eerste gelag en hom toe gevra **vir wat** roep sy my (x waarvoor)

Wes-Kaap:

... soos dwelms **wat aan** goeie kinders nie wil wees nie (x waaraan)

Frekwensie-ontledings het getoon dat daar in die Wes-Kaapse korpus 4,80 gevalle van spreektaalvoorsetsels per 1 000 woorde voorgekom het teenoor die Noord-Kaapse 2,53 gevalle van spreektaalvoorsetsels per 1 000 woorde. Wes-Kaapse tieners gebruik bykans dubbel soveel spreektaalvoorsetsels in vergelyking met die Noord-Kaapse tieners.

(ii) Herstrukturering van die werkwoordpatroon

In die spreektaal word werkwoorde nie altyd volgens die vaste bysinvolgordepatroon ingespan nie. In hoofsinne staan die spilwerkwoord gewoonlik in die tweede sinsposisie (net ná die onderwerp of voorveld), terwyl die spilwerkwoord in bysinne nader aan die einde van die sin staan (Carstens 2011:44). In die spreektaal volg bysinne baie keer 'n hoofsinvolgorde (na analogie van Engels), dit wil sê die eerste werkwoord kom in 'n tipe spilposisie in die bysin voor (vgl. Carstens 2011:49; Van Rooy 2017:293). Voorbeelde uit die twee korpusse is die volgende:

Noord-Kaap:

... die kind het nou sy ma gaan sê wat **is** hy aangedoen.  
... omdat hulle **wil** met hulle vriende maak.  
... jy sal later spyt wees hoekom **het** jy dit gedoen.

Wes-Kaap:

Terwyl ons **stap** swembad toe kry ek 'n helse koppyn.  
As hulle alkohol gebruik dan weet hulle nie wat **het** die vorige dag gebeur nie.  
... omdat van die jeugs (sic) **het** nie geld nie ...

Die invloed van Engels op die Afrikaanse sinspatroon in die spreektaal is ook duidelik waar te neem by neweskikkende sinne wat verbind word met die neweskikkers *en*, *maar* en *want* waar die eerste werkwoord direk op die neweskikker volg (in die literatuur bekend as Tante Betje-styl (vgl. Carstens 2011:47)). Die volgende voorbeelde kom in die Wes-Kaapse korpus voor:

...en **hou** hulle besig met dwelms (x ... en hulle besighou)  
... maar ek het gewag tot hy dit soek en **het** dit gekry (x ... en dit gekry het)

Daar is nie veel onderskeid te tref tussen die Wes- en Noord-Kaapse tieners wat betref die andersoortige plasing van die werkwoord in die bysin en in neweskikkende sinne nie. In die Wes-Kaapse korpus het 0,99 gevalle per 1 000 woorde voorgekom, terwyl dit marginaal laer was in die Noord-Kaapse korpus, met 0,84 gevalle per 1 000 woorde. Die toenemende herstrukturering van die werkwoordpatroon in veral die bysin kan tekenend wees van 'n potensieële informalisering van die bysinvolgordepatroon.

(iii) Toevoeging en weglating van lidwoorde

Lidwoorde word baie keer in die spreektaal weggelaat of toegevoeg. Die weglating van die lidwoord *die* vind veral plaas in kombinasie met die graadtrappvorm "meeste" wat moontlik na aanleiding van die Engelse patroon ontstaan het, soos in *Most people...*. Die weglating of toevoeging van lidwoorde kom in 'n beperkte mate voor in die skryftaal van beide die Wes- en die Noord-Kaapse tieners. Frekwensie-ontledings toon dat Noord-Kaapse tieners meer geneig is om lidwoorde weg te laat of toe te voeg as die Wes-Kaapse tieners (Wes-Kaap: 0,62 gevalle per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 1,21 gevalle per 1 000 woorde).

Enkele voorbeelde uit die twee korpusse:

Wes-Kaap:

Die moderne jeug van vandag **meeste** van hulle rook. (x die meeste)  
**Paar** jaar gelede toe ek veertien jaar oud was ... (x 'n paar jaar gelede)  
 Die tieners word deel **van bende**. (x deel van 'n bende)

Noord-Kaap:

Daar is nie geld om **huis** af te betaal nie. (x om die huis)  
 In ons huise is **meeste** van ons geriewe elektronies (x is die meeste)  
 ... kinders help wat saam met hul enkel ouers op **die** straat woon (x op straat)  
 Daar was 'n een seun ... (x was een/'n seun)  
 ... of wanneer 'n persoon nie in 'n goeie omstandighede is nie (x nie in goeie omstandighede)

#### (iv) Dubbele graadtrapmorfeme

In die spreektaal het die leksikale graadtrapvorme *meer* en *mees* al hoe meer gevestig geraak en word dit soms gereeld saam met die graadmorfeme *-er* en *-ste* aangewend wat dan dubbele (toutologiese) graadtrapvorme tot gevolg het. In die twee korpusse het die opeenstapeling van graadmorfeme 'n lae frekwensie gehad (Wes-Kaap: 0,25 gevalle per 1 000 woorde, Noord-Kaap: 0,12 per 1 000 woorde). Die volgende voorbeelde is in die twee korpusse geïdentifiseer:

Wes-Kaap:

Dwelms is die **mees gevaarlikste** ding in die lewe.

Noord-Kaap:

Uppington is die **mees wonderlikste** dorp ...

Die leksikale graadtrapvorm *meer* en *mees* verdring soms die algemeen aanvaarde graadmorfeme *-er* en *-ste*:

... waar ek **meer gelukkig** en **opwindend** voel. (x gelukkiger en opwindender)

#### (v) Frekwensie van spreektaal- grammatiese vorme

Uit die bespreking hier bo van die grammatiese vorme wat op die spreektaal gebaseer is (d.i. (i)-(iv)), is dit duidelik dat die voorsetselpatroon die meeste deur die gesproke taal beïnvloed word en dus die duidelikste tekens van informalisering toon.

Frekwensie-ontledings van die totale aantal grammatiese vorme in die twee korpusse wat as tipierend van die gesproke taal gesien kan word (d.i. (i) tot (iv) hier bo), het dieselfde informaliseringstendense as in die geval van leksikale informalisering weerspieël. Wes-Kaapse tieners gebruik bykans die helfte meer algemene spreektaal- grammatiese vorme as die Noord-Kaapse tieners: Wes-Kaapse tieners het 6,66 spreektaal- grammatiese vorme per

1 000 woorde ingespan, terwyl Noord-Kaapse tieners 4,70 grammatiese vorme per 1 000 woorde gebruik het.

Dit was opvallend uit die twee korpusse dat die spreektaal nie net 'n invloed op die leksikon en op grammatiese verskynsels uitgeoefen het nie, maar ook in die ortografie weerspieël word.

#### 4.1.3 Algemene uitspraakverskynsels

Onder *algemene uitspraakverskynsels* word hier verstaan uitspraakverskynsels wat nie geografies beperk is nie, maar oor die hele Afrikaanse taalgebied kan voorkom.

Uit die twee korpusse het dit duidelik geword dat die spelling van woorde soms deur die spreektaaluitspraak gerig word. Die volgende algemene uitspraakverskynsels word in die ortografie weerspieël:

Vokaalreduksie:	ak <b>e</b> demies (Wes-Kaap) menier; midd <b>i</b> g (Noord-Kaap)
Klankweglating:	os (x ons), verantwoordlik (x verantwoordelik) (Wes-Kaap)
Konsonantklustervereenvoudiging:	onstaan (x ontstaan) (Noord-Kaap)
Assimilasie:	van <b>ie</b> (x van die), h <b>et</b> ie (het nie), g <b>eld</b> ie (x geld nie) (Wes-Kaap) lente van dae (x lengte van dae) (Noord-Kaap)

Die algemene spreektaaluitspraak het 'n beperkte invloed op die skryftaal van die tieners gehad (Wes-Kaap: 0,86 gevalle per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 0,60 gevalle per 1 000 woorde). Korpuslinguisties beskou, is dit veral op leksikale en grammatiese gebied dat spreektaalinvloede in die skryftaal van die tieners duidelik waarneembaar is.

Naas algemeen gebruiklike omgangsvorme kan daar ook dialektiese merkers in die skryftaal van die tieners onderskei word. In die volgende afdeling word die tipiese dialektmerke, asook die voorkomingsfrekwensie van hierdie dialektiese merkers, vergelykend bespreek.

#### 4.2 Dialektiese merkers

Die kategorie *dialektiese merkers* word hier onderverdeel in *tipiese streeks- en groepmerkers* en *suprastreeksvorme* (na analogie van Ota en Takano (2014:199) se toeligting van die term *supra local features*). Onder *tipiese streeks- en groepmerkers* word verstaan daardie leksikale en grammatiese verskynsels wat kenmerkend is van 'n bepaalde streek of sosiale groep en beperk voorkom. Onder *suprastreeksvorme* word verstaan leksikale en grammatiese verskynsels wat hul oorsprong in 'n bepaalde streek kon gehad het en later na ander gebiede migreer het, en dus nie meer tot 'n spesifieke geografiese gebied beperk is nie. Dit is natuurlik nie altyd moontlik om duidelik te onderskei tussen die twee subkategorieë nie, maar frekwensie-ontledings sal ingespan word om te bepaal hoe tipies (al dan nie) 'n bepaalde dialektiese verskynsel is.



Vervolgens word elkeen van hierdie subkategorieë bespreek.

#### 4.2.1 Tipiese streek- en groepmerkers

In die Wes-Kaapse data het die volgende fonologiese en grammatiese verskynsels voorgekom, wat in die literatuur oor Kaapse Afrikaans, gereeld as tipiese streeksmerkers van Kaapse Vernakulêre Afrikaans (oftewel Suidwestelike Afrikaans) voorgehou word (frekwensie word tussen hakies aangedui) (vgl. Coetzee 2005:39, De Vries 2015:10-2; Dreyer 1986:140-215; Hendricks 2012:105-7, 2016:8-9, 22-5; Kotzé 1984:42-69; Otto 2017:380-383, Saal en Bignaut 2011:350-2):

Vokaalverhoging:	My vriend wat by my <b>gewies</b> het. (1)
Postvokaliëse r-weglating:	Ons almal skree toe terug "os hettie geldie, hoeko ga <b>wek</b> jy nie?"; Ons wedstryd het goed <b>veloop</b> . (3)
Nasaal-apokopee:	" <b>Hoeko ga</b> wek jy nie?" (2)
Oormatige gebruik van <i>die</i> voor tydspuntuitdrukkings:	Op <b>die</b> 25 November 2011/op 'n dag, <b>die</b> 20 Januarie 2014 (2)
Tydsadjunkherhaling:	Ek is <b>al</b> toe <b>alreeds</b> op die bodem (1)

Hierteenoor is daar in die Noord-Kaapse data die volgende fonologiese en grammatiese verskynsels geïdentifiseer wat, in aansluiting by die literatuur oor dialekmerkers in Oranjerivierafrikaans (oftewel Noordwestelike Afrikaans), as tipiese merkers van Oranjerivierafrikaans voorgehou kan word (vgl. Coetzee 2001:22, 2005:31-47; Links 1989:12-3, 19-20, 33, 38, 81; Hendricks 2014:725; Ponelis 1993:65; Van Rensburg 1989:458-60; Otto 2017:383-5):

Ont ronding: <sup>5</sup>	Die <b>woonbiërd</b> waar in ek bly (x woonbuurt); Ons twee het <b>besliet</b> (x besluit) (9)
Vokaalverlenging: <sup>6</sup>	Die man het 'n swart masker oor sy gesig <b>gehaat</b> (x gehad); ons kan nie <b>soo</b> lewe nie (7)
Pronominale genitiefsvorm met <i>se</i> :	om <b>hulle se</b> goeters af te vat; 'n paar mense wat in <b>hulle se</b> eie wêreld leef; woonbuurte waarin baie van <b>onse se</b> mense woon (5)
<i>hom</i> -besitvorm:	En jy wil nie ophou in <b>hom</b> oë te kyk nie (1)
Voorsetselweglating: <sup>7</sup>	dat ek hulle sit en luister (x dat ek <b>na</b> hulle ...); Sy kan nie vir haar kinders hul basiese behoeftes voorsien nie (x kinders <b>in</b> hul basiese behoeftes ...); wat hier ons wereld (sic) bly (x hier <b>in</b> ons wêreld) (6)

Frekwente gebruik van die agtersetsel <i>af</i> :	Kinders is 'n seëning van God <b>af</b> ; om vir my weg te hou van die verkeerde dinge <b>af</b> (4)
Gebruik van enkelvoudsvorm om meervoud aan te dui:	in Upington kry jy wonderlike <b>mens</b> ; maar ook met ons sosiale <b>problem</b> wat ons mag ervaar; party <b>enkel moeder</b> verloor hul huisse (9)
Ongewone gebruik van die afleidingsmorfeme <i>-lik</i> <sup>8</sup> en <i>-ing</i> :	dus baie <b>besonderlik</b> vir ons wêreld; mekaar te ondersteun in alle <b>voorvallings</b> wat in jou pad kom; daai mense lewe 'n <b>beskerming</b> lewe onder (5)

Tipiese leksikale merkers wat geografies beperk is, is nie so maklik om te identifiseer nie en hier word toegegee dat van hierdie leksikale merkers wat hier as streeksitems onderskei word, ook moontlik 'n voorkomingsfrekwensie in ander streke kan hê. Die voorbeelde van spreektaalitems wat in tabel 7 aangegee word, het in die twee korpusse voorgekom en word hier as potensiële streeksitems voorgehou:

**Tabel 7. Voorbeelde van potensiële streekspesifieke leksikale items en uitdrukkings**

Wes-Kaap	Noord-Kaap (frekwensie >1 tussen hakies aangedui)
'n <b>bolling</b> seuns gestaan (klomp)	Sy ouers was <b>baie</b> oor my (mal oor my) (2)
Amper, amper was ek <b>wit voetjies</b> onder die grond (witbene/dood)	met mense wat <b>groter</b> as ek is (ouer)
Die motor het brieke <b>gevang</b> (gerem)	as jy van die <b>pad af</b> is (verkeerd is)
	om nie mekaar <b>lelike/slegte woorde</b> te gee nie (slegsê) (2)
	gaan nie <b>stoute geld</b> aanvang nie (vir kattedwaad/kwaadgeld rondloop)
	jy <b>kennie</b> lewe nie (nie straatslim nie)

Korpuslinguisties beskou, het Noord-Kaapse tieners meer as dubbel soveel streeksmerkers as hul Wes-Kaapse eweknieë ingespan: Noord-Kaapse tieners het 6,63 streeksvorme per 1 000 woorde gebruik teenoor die Wes-Kaapse tieners se 2,83 streeksvorme per 1 000 woorde. Dit was opvallend by die Wes-Kaapse tieners dat veral die fonologiese merkers van Kaapse Afrikaans ortografies weergegee is, terwyl Noord-Kaapse tieners hoofsaaklik grammatiese en leksikale merkers wat kenmerkend van Oranjerivierafrikaans is, in hul formele skryfwerk ingespan het. Die hoër frekwensie van veral die streeks- grammatiese en leksikale vorme by Noord-Kaapse tieners kan daarop dui dat hierdie dialektiese vorme nie langer as "verkeerd" of "onvanpas" gesien word nie en as sodanig (onbewustelik) as aanvaarde en gepaste gebruiksvorme vir die skryftaal beskou word. Vroeër is gemeld dat grammatiese

veranderinge "onder die oppervlak" voorkom en nie so maklik sigbaar is nie en daarom 'n groter kans het om deur die filters van wat as "standaard" en "normatief" gesien word, te glip. Die twee tekskorpuse toon egter dat streeks- leksikale merkers nie altyd so "sigbaar" is soos wat soms aangeneem word nie, en juis daarom die potensiaal het om as legitieme vorme vir die formele skryftaalregister gesien te word.

Naas die streekspesifieke merkers het daar in die twee tekskorpuse ook sosialegroepmerkers voorgekom. Die oormatige gebruik van vae woorde (soos *goed*, *dinge*, *iets*) in die plek van meer spesifieke leksikale verwysings val op in die twee korpuse. Die frekwente voorkoms van sulke vervangende woorde verbaas nie, want sodanige woorde word as tipiese merkers van tienertaal beskou (vgl. Marais en Coetzee 2005:255). Onder die mees frekwente vae woorde in die twee korpuse ressorteer die woorde *goed* en *dinge*. Vergelyk:

Wes-Kaap:

Vandag se jeug en hul **dinge**  
... en die soorte **dinge** maak 'n mens se ouers baie seer  
Seksueel is nie 'n **ding** oor te praat nie

Noord-Kaap:

Toeriste kom besoek verskeie **goed**.  
Die wêreld is 'n baie wonderlike **ding**.

In die Wes-Kaapse korpus is die pragmatiese merker (oftewel kwotatiefmerker) *soos* wat veral met jeugtaal geassosieer word, ook in 'n enkele geval aangetref:

Die jeug het geen belangstelling **soos** in sport of ander dinge nie.

Frekwensie-ontleding het getoon dat Wes-Kaapse tieners dubbel soveel tienertaalmerkers as hul Noord-Kaapse eweknieë gebruik het (Wes-Kaap: 1,72 tienertaalmerkers per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 0,84 tienertaalmerkers per 1 000 woorde).

Die twee korpuse het nie net tipiese streeks- of groepsmerkers ingesluit nie, maar ook verskeie dialektiese vorme wat 'n voorkomingsfrekwensie in beide tekskorpuse gehad het.

#### 4.2.2 *Suprastreeksvorme*

*Suprastreeksvorme* verwys na dialektiese vorme wat moontlik in een streek ontstaan het en later versprei het na ander streke en dus streng gesproke nie meer streekspesifiek is nie. *Suprastreeksvorme* verteenwoordig hier 'n tussenfase in die migrasie van linguistiese variante: dit is variante wat nie meer as slegs kenmerkend van 'n bepaalde geografiese gebied gesien kan word nie, maar wat egter nog nie oor die hele taalgebied versprei het sodat dit as algemeen gebruiklik gesien kan word nie. Die *suprastreeksvorme* het in beide korpuse voorgekom en omvat fonologiese, morfologiese asook sintaktiese merkers:

## (i) Fonologiese merkers

Die fonologiese verskynsels wat in sowel Noordwestelike as Suidwestelike Afrikaans frekvent voorkom, sluit in die verkorting van die vokaal /a:/ en vokaalverlaging.

In tabel 8 word voorbeelde van /a:/-verkorting verskaf.

**Tabel 8. Voorbeelde van /a:/-verkorting**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Ek sal nooit weer <b>hastig</b> wees nie.	dan <b>smak</b> dit vir jou jy kan maar nog ...
Net om seker te maak ek is oraait vat hulle vir my <b>hospital</b> toe	son wat skyn bo-oor ons koppe en <b>liggams</b>
	ek is nie <b>hastig</b> vir kêrels nie

In dialektstudies oor Kaapse Vernakulêre Afrikaans word die verkorting van /a:/ bespreek as 'n kenmerkend Kaapse verskynsel (vgl. Kotzé 1984:54, Hendricks 2012:105, 2016:9). Coetzee (2005:47) toon egter aan dat /a:/-verkorting ook voorkom in tekste wat in Griekwa-Afrikaans ('n subvariëteit van Oranjerivierafrikaans) geskryf is (vgl. ook Links 1989:12). Dit blyk dus dat /a:/-verkorting redelik verbreed in die Noord- en Wes-Kaap voorkom en dat hierdie vorm nie beperk is tot 'n bepaalde geografiese gebied nie. Die frekwente voorkoms van vokaalverkorting in die twee korpusse kan gesien word as aanduiding van die toenemende migrasie van die verskynsel.

Tabel 9 illustreer schwaverlaging by die morfeme *ge-* en *-ig* in die twee korpusse.

**Tabel 9. Voorbeelde van schwaverlaging by *ge-* en *-ig* (/ə/ > /a/)**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Mense is <b>morsag</b>	... en dies wat so boring en <b>vervelag</b> is
	en jy is ook heeltyd <b>gelukag</b>
	Hy was heelwat <b>sweeterag</b> en het bleek gelyk

Die twee korpusse weerspieël dat die frekwensie van schwaverlaging onder Noord-Kaapse tieners hoër is as onder Wes-Kaapse tieners. Schwaverlaging is reeds goed gedokumenteer in dialektwerke oor beide Noordwestelike en Suidwestelike Afrikaans en is 'n frekwente spreektaalverskynsel van beide streke (vgl. Hendricks 2012:105, 2014:724; Links 1989:17–8; Kotzé 1984:44; Dreyer 1986:148).

(ii) Morfologiese merkers

Die morfologiese verskynsels wat 'n voorkomingsfrekwensie in beide die Noord- en die Wes-Kaap het, is onder meer: ongewone meervoudsvorming en die onverboë attributiewe adjektief.

- Ongewone meervoudsvorming

In die Noord- en Wes-Kaapse datakorpus het meervoudsvorme voorgekom wat nie die algemeen gebruiklike meervoudspatroon weerspieël nie:

Noord-Kaap:

dan doen ek **sports**  
son wat skyn bo-oor ons koppe en **liggaams**  
dat die kêrel net my **gevoels** gaan mors

Wes-Kaap:

Dwelmslaafdes doen glad nie **sports** nie  
... en skreeu: "Gee nou julle **gelde**"  
Die moderne **jeuge** maak gebruik van alkohol.  
Omdat van die **jeugs** het nie geld nie.

Wes-Kaapse tieners is ook meer geneig om naamwoorde wat nie 'n meervoudsvorm neem nie (soos *geld* en *jeug*), wel van 'n meervoudsmorfeem (-s of -e) te voorsien. Die verbreidheid van hierdie ongewone meervoudsvorming is moeilik om te bepaal en om hierdie rede word hierdie tipe meervoudsvorm beskou as 'n verskynsel wat tans nog 'n beperkte reikwydte het.

- Onverboë attributiewe adjektiewe

Die onverboë vorm van die attributiewe adjektief word soms in die plek van die verboë vorm gebruik. Hierdie verskynsel het in 'n beperkte mate onder die tieners voorgekom:

Noord-Kaap:

Ons land het **pragtig** inwoners

Wes-Kaap:

Meestal van die tieners vandag in die **modern** lewe dink alles gaan oor populêriteit.  
Daar is baie **intelligent** jong kinder daar buite wat dwelmsmisbruik.  
Om my liggaam die **nodig** suurstof te stoor.

Die onverboë vorm van die attributiewe adjektief (waar adjektiefverbuiging verwag word), word gewoonlik gesien as kenmerkend van Oranjerivierafrikaans (Van Rensburg 1989:400). Dit blyk egter ook in Suidwestelike Afrikaans voor te kom. Dit was opvallend dat die gebruik van die nie-emfatiese verboë vorm waar die onverboë vorm verwag word (bv. 'n *sware dag*

in plaas van 'n *swaar dag*), nie in die Wes-Kaapse data voorgekom het nie. Die aanwending van nie-emfatiese adjektiefverbuiging waar geen verboë vorm verwag word nie (soos in 'n *donkere aand*), word gesien as 'n tipiese kenmerk van Suidwestelike Afrikaans (Ponelis 1993:373–4).

### (iii) Sintaktiese merkers

Die grootste groep suprastreeksvorme wat in die korpusse te onderskei is, is sintaktiese verskynsels. Hierdie sintaktiese verskynsels kom vervolgens (in dalende volgorde van frekwensie) aan bod.

- Eindrelevering

Eindrelevering, dit is die agteropplasing van bepaalde uitdrukkings, word in sowel die suidwestelike as die noordwestelike variëteite aangetref (Kotzé 1984:54; Hendricks 2012:106; Links 1989:74). Tabel 10 illustreer die voorkoms van eindrelevering in die twee korpusse.

**Tabel 10. Voorbeelde van eindrelevering**

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Toe wil die hond my byt <b>van Duncan-hulle</b>	Ek het toe gegaan <b>na haar toe</b>
en die ander voertuie het gewag <b>aan die linkerkant</b>	My vriende het my gevat <b>na 'n kamer</b>
'n klein hond wat by die hek gestaan het en blaf <b>aanhoudend</b>	... en ek het my dag geniet <b>by die kerk</b>
Hy het begin lag en my gedreig <b>met 'n mes</b>	

Die frekwensie van eindrelevering onder die Wes-Kaapse tieners is hoër as onder die Noord-Kaapse tieners: by Wes-Kaapse tieners het 1,48 gevalle van eindrelevering per 1 000 woorde voorgekom, terwyl dit by die Noord-Kaapse tieners 0,96 gevalle per 1 000 woorde was. Dat eindrelevering aan die invloed van Engels toegeskryf kan word, is dalk nie te vergesog nie (vgl. Ponelis 1993:314).

- Regularisering van werkwoordsvorme

Regularisering van die werkwoord word in verskeie dialektstudies uitgewys as 'n produktiewe verskynsel in sowel die suidwestelike as die noordwestelike variëteite (Coetzee 2001:22–3; 2005:44; Dreyer 1986:177; Hendricks 2012:49, Kotzé 1984:52–3). Soos aangedui in tabel 11, kom die regularisering van die hulpwerkwoorde *wil* en *kan* en die hoofwerkwoorde *hê* en *wees* in die twee korpusse voor.

Tabel 11. Voorbeelde van frekwente werkwoordregulariserings

Wes-Kaap	Noord-Kaap
Die man het 'n vuurwapen op hom gehad en <b>wil</b> my skiet.	Ek <b>kan</b> nie geglo het nie.
Ek was al een wat ernstig beseer <b>gewas het</b> .	Hulle het toe toegang tot die geld <b>gehet</b> .
Hoe kan jy 'n kind <b>het</b> en jy is self 'n kind?	Hulle wou nie gehad het ek moet 'n kêrel <b>het</b> nie.

Die regularisering van die hulpwerkwoorde en die hoofwerkwoord *hê* (tot *het* en *gehet*) het onder sowel die Wes-Kaapse as die Noord-Kaapse tieners voorgekom. In die twee korpusse is die voorkomingsfrekwensie van werkwoordregularisering nagenoeg dieselfde (Wes-Kaap: 0,86 regulariserings per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 1,08 regulariserings per 1 000 woorde).

- Voegwoorde *wat* x *toe* en *laat/wat* x *dat*

In die twee korpusse is die voegwoord *wat* (d.i. die omgangsvorm) in sterk kompetisie met die algemeen gebruiklike voegwoord *toe* "om tydspuntsinne in te lei" (Kotze 1984:57). Tabel 12 illustreer die gebruik hiervan in die twee korpusse.

Tabel 12. Die voegwoord *wat* in plek van die standaardvorm *toe*

Wes-Kaap	Noord-Kaap
<b>Wat</b> ons by die N7 kom ...	Die dag <b>wat</b> ons twee mekaar ontmoet het ...
<b>Wat</b> ek bo water kom asem ek eers 'n klomp suurstof ...	Toe <b>wat</b> ek buite kom ...
Dit was Donderdagmiddag so 2 uur se kant <b>wat</b> ons op pad Ceres dorp toe was	

Verder is ook die voegwoord *dat* in kompetisie met die omgangsvorme *laat* en *wat* (vgl. Ponelis 1979:439). In die Noord-Kaapse korpus word die voegwoord *dat* soms afgewissel met die spreektaalvorm *laat*:

- ... moenie *laat* sy weet nie ...
- ... moenie *laat* ander mense weet nie.

Een voorbeeld uit die Noord-Kaapse korpus illustreer die gebruik van die voegwoord *wat* in die plek van *dat* by splitsingskonstruksies:

- ... toe is dit mos (< dit is mos toe) *wat* sy met my begin lag ...

Daar was min te kies tussen die Noord-Kaapse en Wes-Kaapse tieners wat betref die gebruik van die omgangsvorme *wat* en *laat* as voegwoorde (Wes-Kaap: 0,62 gevalle per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 0,84 gevalle per 1 000 woorde).

Reeds in 1993 skryf Ponelis (1993:295) dat die voegwoord *dat* al hoe meer deur die omgangsvorm *wat* verdring word. Uit die voorbeelddata blyk dit duidelik dat die voegwoorde *toe* en *dat* in kompetisie met die omgangsvorme *wat* en *lat/laat* verkeer.

- Die vorme *wat/van* in die plek van die voegwoord *want*

Die voegwoord *want* word in die twee korpusse plek-plek met die omgangsvorme *wat* en *van* afgewissel:

Wes-Kaap:

Die seuns gee ook nie meer om vir die meisies nie **wat** dan het hy klaar vir haar swanger gemaak.

En dan weet die ouers nie meer wat om te doen nie **wat** hulle hart is baie seer.

Noord-Kaap:

Hy het my gevra om sy meisie te wees **wat** hy kan nie meer langer sy gevoelens weg steek nie.

As jy iets goed doen dan sal die mense van jou hou **van** jy doen nie verkeerde dinge nie.

'n Voorbeeld van waar *van* in die plek van die voegwoord *wat* optree, is in die Wes-Kaapse korpus geïdentifiseer:

Daar is baie jeug daar buite wat nie weet **van** om hulle lewe te maak nie.

Die gebruiksfrekwensie van *wat/van* in die plek van *want* is hoër onder Noord-Kaapse tieners: in die Wes-Kaapse korpus het 0,25 gevalle voorgekom, vergeleke met die 0,96 gevalle in die Noord-Kaapse korpus.

By die vorm *van* het heel waarskynlik homorgane eindklustervereenvoudiging plaasgevind deurdat die slot-/t/ wat op die nasaal /n/ volg, weggelaat word (vgl. Kotzé 1984:44). Die vorm *wat* vir *want* kan as 'n geval van nasaal-sinkopee bestempel word: /vant/ > [vat]. Dit is onduidelik of die gebruik van die vorme *wat/van* in die plek van die voegwoord *wantslegs* tot die tienergroep beperk is, en om hierdie rede word dit nie hier as 'n tipiese dialektiese merker hanteer nie.

- Weglating van die werkwoorde *het* en *wees*

Soos uit die volgende voorbeelde blyk, is die Wes-Kaapse en Noord-Kaapse tieners geneig om die hulpwerkwoord *het* en die koppelwerkwoord *wees* soms weg te laat:



Wes-Kaap:

Ons toe stilgehou om vir haar te wag, maar al wat uitkom is sy. (x Ons **het** toe ...)  
dat dit die regte oomblik om seks te beoefen (x die regte oomblik **is** ...)

Noord-Kaap:

Maar ek klaar by haar vriendin gehoor sy het gesê sy like nie van my nie (x Maar ek **het** klaar ...)  
dan sal jy voel dat dit 'n wonderlike wêreld (x wonderlike wêreld **is**)

Ook die weglating van ander hoofwerkwoorde soos *raak* en *hê* is onder die Wes-Kaapse en Noord-Kaapse tieners gebruiklik:

Wes-Kaap: Wanneer 'n meisie swanger raak is dit tyd om verantwoordelik te begin om 'n moeder te wees. (x te begin **raak** ...)

Noord-Kaap: Ek wil kinders moet veilig wees (x wil **hê** ...)

Daar was weinig verskil in frekwensie onder die Noord- en Wes-Kaapse tieners: by die Wes-Kaapse tieners het 0,62 gevalle van werkwoordweglatings per 1 000 woorde voorgekom, terwyl dit by die Noord-Kaapse tieners op 0,60 gevalle per 1 000 woorde te staan gekom het.

In ondersoek is bevind dat die weglating van die hulpwerkwoord redelik algemeen in mobiele kommunikasie is (vgl. Thurlow en Poff 2013:170). Die weglating van die hulpwerkwoord *het* en die koppelwerkwoord *wees* in die twee korpusse sou dus ook aan die invloed van mobiele kommunikasie toegeskryf kon word.

- Wisselende gebruik van die infinitiefvorm *om ... te*

Die infinitiefvorm *om ... te* word in die Wes-Kaapse korpus soms met slegs die *te*-vorm (sonder *om*) afgewissel:

My liggaam was lam geskok en ek begin **te** dryf af tot by die bodem.  
Dan begin hulle verkeerde dinge **te** doen ... so byvoorbeeld **te** steel in winkel en ouer mense **te** "rob" of steel.

In die Noord-Kaapse korpus was daar ook enkele gevalle waar die infinitiefvorm slegs met *om* (d.i. sonder *te*) voorkom:

Dit is hoekom mense hou **om** na 'n wonderlike wereld altyd wil kyk.

Enkele ander wisselings in die infinitiefvorm *om ... te* sluit in *te*-herhalings, die ongewone plasing van *te* asook 'n ongewone kombinasie van *en ... te*:

Wes-Kaap: Die meisies weet nie hoe **om te** verantwoordelik **te** wees nie. (*te*-herhaling)

Noord-Kaap: Die belangrike **om** welkom **te** laat voel word. (ongewone plasing)

Ons moet saamstaan **en** al hierdie negatiwiteit uit ons mooi dorp **te** roei (ongewone kombinasie)

Die wisselings in die infinitiefvorm blyk lankal nie meer slegs tot Noorwestelike Afrikaans beperk te wees soos wat Du Plessis (1984:159, soos na verwys in Coetzee 2001:26), in die 1980's bevind het nie. Coetzee (2001:26–7) het ook wisselings in die infinitiefvorm in die spreektaal van die Bolandse wingerdwerkers gedokumenteer (vgl. ook Dreyer 1986:213–4). Die wisselende gebruik van die infinitiefvorm blyk dus nie meer streekspesifiek te wees nie, maar funksioneer al hoe meer as 'n verskynsel met 'n groter geografiese reikwydte.

Die voorkomingsfrekwensie van die wisselende infinitiefvorm onder die twee groepe tieners het nie veel verskil nie: in die Wes-Kaap het 0,62 gevalle per 1 000 woorde voorgekom, terwyl dit in die Noord-Kaap 0,48 gevalle per 1 000 woorde was. Die wisselende gebruik van die infinitiefvorm het dus 'n lae gebruiksfrekwensie in beide korpusse.

- *saam*-konstruksie

In ondersoek na die geografiese variëteite van Afrikaans word die *met ... saam*-konstruksie, soos in *mettie ellende saam*, beskryf as kenmerkend van sowel die suidwestelike as die noordwestelike variëteite (vgl. Coetzee 2005:47; Hendricks 2012:107, 2014:726; Van Jaarsveld, Jenkinson en De Wet 2001:152). Volgens Ponelis (1993:347) het hierdie vernuwende sintaktiese ontwikkeling van *saam* in die postposisie waarskynlik onder invloed van 'n soortgelyke Maleise konstruksie in die suidwestelike variëteite ontwikkel. Dit wil voorkom asof hierdie konstruksie vanaf die suidwestelike variëteite na die noordwestelike variëteite toe kon migreer het.

Dit was opvallend uit die twee korpusse dat daar aan die *saam*-konstruksie (dit is sonder die voorsetsel *met*) voorkeur gegee word. Voorbeelde hiervan word in tabel 13 verskaf. Die *saam*-konstruksie het ook 'n veel hoër voorkomingsfrekwensie in die Wes-Kaapse korpus gehad (0,49 gevalle per 1 000 woorde; Noord-Kaap: 0,12 gevalle per 1 000 woorde).

**Tabel 13. Voorbeelde van die *saam*-konstruksie**

Wes-Kaap (frekwensie >1 tussen hakies)	Noord-Kaap
Het ek gesellig <b>saam</b> familie en vriende gekuier / by die huis het hulle <b>saam</b> my gepraat / ons het <b>saam</b> hom geloop (4)	... om <b>saammense</b> te bly

Die wisseling tussen die dialektiese *saam*-konstruksie en die meer gebruiklike *saam ... met*-konstruksie val veral in die Wes-Kaapse korpus op. Ook is die *saam*-konstruksie meer frekvent in die Wes-Kaapse korpus en dit wil voorkom asof hierdie "nuwe" *saam*-konstruksie besig is om groter veld te wen ten koste van die gevestigde *saam ... met*-konstruksie. Die wisselende gebruik verteenwoordig 'n tipiese taalveranderingsverskynsel waar die ou gevestigde vorm vir dekades lank naas die nuwe vorm gebruik kan word totdat die nuwe vorm gevestig raak (Aitchison 1991:75).

- Herhaling van die setsels *uit ...uit*

Setselherhaling het (vreemd genoeg) slegs onder die Wes-Kaapse tieners voorgekom:

... en **uit** die Bybel **uit** gelees  
Al kom jy **uit** 'n arm familie **uit**  
Van die kinders kom **uit** goeie huise **uit**  
Hy het na my gehardloop en my **uit** die pad **uit** geruk.

Die afwesigheid van die herhalingskonstruksies *uit ... uit* en *in ... in* in die Noord-Kaapse korpus verras, aangesien setselherhaling reeds as 'n frekwente verskynsel in Oranjerivierafrikaans uitgewys is (vgl. Van Rensburg 1989:459). Uit die afwesigheid van die herhalingskonstruksie in die Noord-Kaapse korpus sou nouliks afgelei kon word dat dié verskynsel tot die Kaap en omstreke beperk sou wees; intendeel, die uitgebreide aard van die verskynsel is in verskillende dialektstudies oor Afrikaans gedokumenteer (vgl. Coetzee 2001:25; 2005:44, 47; Dreyer 1986:204; Hendricks 2012:107; 2014:726; Kotzé 1984:57; Van Rensburg 1989:459). Den Besten (1989:240) voer aan dat sulke lokatiewe setselkonstruksies die gevolg kan wees van beide die slawe en die Khoi-Khoi se pogings aan die Kaap in die 18de eeu om die Hollandse setselkonstruksie te bemeester.

- Weglating van die voornaamwoord in onderwerpfunksie en voegwoord *en*

Wes-Kaapse tieners neig soms om die voornaamwoord *ek* in onderwerpfunksie en die voegwoord *en* in die sin weg te laat:

Kon nêrens afswaai nie, want daar was klippe langs die pad. (x **Ek** kon nêrens ...)  
Grootgeword om in die teerpad te gaan ry, omdat ek gedink het ek was groot genoeg.  
(x **Ek** het grootgeword ...)  
Hulle los die sport gebruik alkohol (x Hulle los die sport **en** gebruik ...)

Die invloed van mobiele kommunikasie kan nie hier uitgesluit word nie. Ondersoeke na mobiele kommunikasie het getoon dat die weglating van voornaamwoorde wat as onderwerp diens doen, en ander funksiewoorde van die algemeenste sintaktiese reduksievorme is (Thurlow en Poff 2013:170). Die weglating van die onderwerp en die voegwoord word nie hier as tipies van 'n bepaalde streek of sosiale groep (die tieners) gesien nie; intendeel, dit het die potensiaal om ook in ander streke en onder ander sosiale groepe voor te kom.

- Werkwoordherhaling

Die herhaling van die werkwoord het slegs onder die Noord-Kaapse tieners voorgekom:

wat die persoon **laat** ongemaklik **laat** voel nie  
Ek was baie op my seniwes gewees van ons ouers **gaan** ons **gaan** sking (skel)

Volgens Kotzé (1984:56–7) is werkwoordherhaling 'n produktiewe verskynsel in Suidwestelike Afrikaans (vgl ook Dreyer 1986:204–5). Die voorkoms van werkwoordherhaling onder die Noord-Kaapse tieners, alhoewel in 'n beperkte mate, kan dui op die potensiele verbreiding van hierdie verskynsel.

(iv) Frekwensie van suprastreeksvorme

Korpuslinguisties beskou was daar min te kies tussen die Noord- en Wes-Kaapse tieners se gebruik van suprastreeksvorme: Wes-Kaapse tieners het 7,64 suprastreeksvorme per 1 000 woorde gebruik, teenoor die Noord-Kaapse tieners se 7,95 per 1 000 woorde. Die onbeduidende frekwensieverskille ten opsigte van die suprastreeksvorme wys op die verspreiding van die vorme oor die twee streeksgrense heen. Wanneer die suprastreeksvorme vergelyk word met die dialektiese merkers en algemeen gebruiklike vorme ten opsigte van gebruiksfrekwensie, word dit duidelik dat algemeen gebruiklike omgangsvorme die hoogste frekwensie het (11,03 algemene omgangsvorme per 1 000 woorde), gevolg deur suprastreeksvorme (7,80 vorme per 1 000 woorde) en dialektiese merkers (6,04 merkers per 1 000 woorde). Hierdie frekwensietendens bevestig die aanname dat suprastreeksvorme in vergelyking met die algemene omgangsvorme tans nog 'n begrensde reikwydte het. Dit was tog opvallend uit die frekwensie-ontledings dat Noord-Kaapse tieners dialektiese merkers net soveel inspan soos suprastreeksvorme (onderskeidelik 7,47 dialektiese merkers en 7,95 suprastreeksvorme per 1 000 woorde). Hierteenoor gebruik Wes-Kaapse tieners bykans dubbel soveel suprastreeksvorme as dialektiese merkers (7,64 suprastreeksvorme teenoor 4,56 dialektiese merkers per 1 000 woorde). Vergeleke met die Wes-Kaapse tieners toon Noord-Kaapse tieners dus 'n groter geneigdheid om dialekties verwante vorme in die skryftaal in te span.

## 5. Ortografiese veranderinge en hiperkorrekte vorme

In die twee korpusse is veranderinge waargeneem wat nie noodwendig deur spreektaalinvloede gerig word nie, maar so frekvent voorgekom het dat dit nie geïgnoreer kan word nie. Twee veranderinge wat in die korpus waargeneem is, was die veranderinge in spelkonvensies (ortografiese veranderinge) en die verkeerdelike inspan van woorde in 'n poging om formeel te klink (hierna na verwys as hiperkorrekte vorme). Hierdie vorme kan dalk nie as tipiese informaliseringskenmerke gesien word nie, maar dit dui tog op potensiële taalveranderinge (in die skryftaal) waarvan kennis geneem behoort te word, juis op grond van die hoë frekwensie daarvan.

Die frekwensie van ortografiese veranderinge in die Noord-Kaapse korpus is hoër as dié in die Wes-Kaapse korpus (Noord-Kaap: 17,60 gevalle van ortografiese veranderinge per 1 000 woorde; Wes-Kaap: 7,64 gevalle per 1 000 woorde). Die ortografiese veranderinge wat geïdentifiseer kon word, sluit onder meer die volgende in:

- Daar is sprake van 'n wisseling tussen *f* en *v*; *v* en *w*; *t* en *d*; *ui*, *ei* en *y*; *i*, *e* en *u*; *ee* en *eu*:

*friendin*, *voute*, *konverensie*, *gevluit*  
*gave* (gawe), *van* (x wat/want)  
*gewoont*, *buurd*, *skied*, *kwaat*, *gedref*,  
*voortuidige*, *eitsig*, *verskuie*  
*sistertjie*, *volgins*, *geintemideur*, *geskuk*  
*probeer*, *keure*, *geintemideur*, *waardeur* (x waardeer)

- Woorde met dubbele konsonante word gereduseer (letterreduksie) of enkelletters word verdubbel (letterverdubbeling):

*stape, somer (x sommer), pleke, aleen, misluking, onmiddelik, veruil  
hassie, uitdagging, huisse, speeletjie, woonings, idiaale, sireene*

- Woorde wat los geskryf moet word, word vas geskryf en omgekeerd:

*bewiste loos, sokker wedstryde, enkel moeder, liefde vol, dwelm misbruik, jonk heid, saam  
leef, uit kom, aan vang, mee bring, om dat, hul self  
asgevolg van, komtoe, eersteoogopslag, dannou, perongeluk, volvrees, ingevaar (in  
gevaar), pappampoen, nogsteeds, huistoegegaan*

- Woorde word sonder diakritiese tekens geskryf:

*se (x sê), le, he, kerel, wereld, reen, ingeseen, gereel.*

Sekere van die spelvorme toon ooreenkomste met die spelwyse van SMS-Afrikaans, soos die letterreduksie by woorde en die weglating van diakritiese tekens (vgl. Saal 2015:3). Die invloed van mobiele kommunikasie op tieners se spelling en skryfwyse van woorde, kan nie uitgesluit word nie. By die los skryf van woorde is die invloed van Engels duidelik sigbaar.

Naas die veranderinge in die ortografie wat in die skryfstukke van sowel die Noord-Kaapse as die Wes-Kaapse tieners opgeduik het, was ook die gereelde verkeerde woordkeuse in 'n poging om formeelheid na te streef opvallend in hierdie skryfopdragte. Hierna word verwys met die term *hiperkorrekte vorme*, waaronder verstaan word dat daar gepoog word om so korrek en formeel as moontlik te skryf, as gevolg waarvan onvanpaste (soms hoogdrawende) woorde dikwels buite konteks ingespan word. Vergelyk die volgende voorbeelde uit die twee tekskorpusse:

Wes-Kaap:

**Seksueel** is nie 'n ding om oor te praat nie.  
'n Hele tyd daar toe begin 'n **ternouernood**.

Noord-Kaap:

Ons woonbuurt is maar net die idiaale plek om in te **verkeer**.  
Ons twee het besliet ons gaan nie meer stout wees en ons was by die dood **bestel**.  
Nou voel die persoon hy/sy is ernstig **aangeraak** met die woorde wat mense **ontneem** het.

Uit die data is dit duidelik dat normatiewe spelling en skryfwyse in sterk kompetisie staan met die "alternatiewe" spelvorme wat aanduidend kan wees van watter spelvorme in die toekoms verandering kan ondergaan. Die gebruik van onvanpaste (en soms hoogdrawende) woorde vir die formele skryftaalregister kan ook tekenend wees van tieners se toenemende informalisering van die skryftaalregister.

## 6. Ten slotte

Die skryftaalregister van die Wes- en Noord-Kaapse tieners toon tekens van 'n moontlike proses van informalisering. Die tieners se skryftaal wat toenemend deur die spreektaal gevoed word, herinner aan die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) se skryftradisie in die 19de eeu toe "ons skryf soos ons praat" die uitgangspunt was in 'n poging om die verskrifteliking van Afrikaans te bevorder (vgl. Van Rensburg 2015:324).

Frekwensie-ontledings van die totale aantal spreektaalvorme soos hier bo bespreek (uitgesluit ortografiese veranderinge en hiperkorrekte vorme) wat in die (formele) skryftaal van die twee tiengroepe voorkom, toon dat die Wes-Kaapse tieners 24,63 spreektaalvorme per 1 000 woorde gebruik het, teenoor die Noord-Kaapse tieners se 25,07 spreektaalvorme per 1 000 woorde. Daar is dus min te kies tussen die twee tiengroepe wat betref die frekwensie waarteen hul spreektaalvorme in hul skryfwerk aanwend. Die grootste verskil tussen die Wes- en Noord-Kaapse tieners het te make met die inspan van streeksmerkers: Noord-Kaapse tieners toon naamlik 'n groter geneigdheid om streeksmerkers, in die besonder grammatiese en leksikale streeksmerkers, in te span. Omgangsvorme op grammatiese vlak word nie geredelik as omgangsvorme herken nie en dikwels as aanvaarbaar en gepas vir die formele skryftaalregister gesien.

Die frekwentste tipe informalisering wat onder die twee tiengroepe voorkom, is grammatiese informalisering. Dit is juis hierdie "onsigbare" spreektaal- grammatiese merkers wat meer dikwels die skryftaal ongesiens infiltrer, vergeleke met die meer "sigbare" spreektaal- leksikale merkers. Van die frekwentste spreektaal- grammatiese vorme wat in die twee korpusse voorkom, is die eiesoortige voorsetselgebruik, die agteropplasing van uitdrukkings (eindrelevering), die ongewone werkwoordpatroon, die regularisering van werkwoordvorme, die weglating van lidwoorde, werkwoorde, onderwerpe en voegwoorde, die gebruik van die voegwoord *wat* in plaas van *toe* en die gebruik van *wat* in die plek van *want*.

Die linguistiese kenmerke van informalisering wat in hierdie skynbaretydsondersoek bespreek word, sal nie noodwendig almal hul weg na Standaardafrikaans vind nie, gegee die genoemde leeftydspesifieke verskynsel "age grading" (ouderdomsgradering) – dit wil sê, soos tieners ouer word, kan hul Skryfafrikaans verander. Die tipe spreektaalvorme wat die potensiaal het om in (formeel) geskrewe Afrikaans gevestig te raak, blyk in die lig van hierdie korpuslinguistiese ondersoek die volgende te wees:

Leksikale kenmerke:

- i. Die toenemende invloed van Engelse leksikale items (hetsy direk of indirek oorgeneem) – die invloed van Engels is alreeds duidelik te sien in normatiewe bronne soos die *AWS* en die *HAT* waarin verskeie Engelse leksikale items, waaronder "sexy", "song", "show", "stupid", "affair", "poster", "straight" en "flirt" al gelemmatiseer is (*HAT* 2015).
- ii. Die toenemende ingebruikneming van streekspesifieke leksikale items – die *AWS* (2009, 2017) het alreeds 'n belangrike kopknik in hierdie rigting gegee deur onder meer verskeie leksikale items uit Kaapse Vernakulêre Afrikaans op te neem.

Grammatiese kenmerke:

- i. Veranderinge in die voorsetselpatroon – die hoë voorkomingsfrekwensie van veranderinge in die voorsetselpatroon dui op die wisselende gebruik van voorsetsels wat taalverandering in die hand kan werk.
- ii. Agteropplasing van bepaalde uitdrukkings – onder invloed van Engels kan die verskynsel eindrelevering algemener word in formele Skryftaalafrikaans.
- iii. Die toenemende regularisering van die werkwoordvorme – die frekwente voorkoms van regularisering in verskeie streke verhoog die waarskynlikheid dat hierdie verskynsel in die toekoms toenemend in die skryftaal sal voorkom.
- iv. Die weglating van lidwoorde en die toenemende gebruik van *mees* as graadtrapvorm – die vorm *meeste* sonder die lidwoord *die*, asook die graadtrapvorm *mees* (soos in *mees algemeenste*) maak alreeds ’n gereelde verskyning in die skryftaal.
- v. Herstrukturering van die werkwoordpatroon (infinitiefvorm ingesluit) – onder Engelse invloed kan veranderinge in die werkwoordpatroon al hoe gereelder voorkom.
- vi. Die voegwoord *wat* om tydspuntbysinne in te lei – die wisselende gebruik van *wat* en *toe* as voegwoorde kan taalverandering in die hand werk.

Uitspraakkenmerke:

(i) Ortografiese weerspieëling van /a:/-verkorting – verkorting van /a:/ het waarskynlik die beste kans, gegee sy frekwente voorkoms in die teksdata, om formeel geskrewe Afrikaans binne te dring.

Met hierdie skynbaretydsondersoek, die metodologiese beperkinge daarvan ten spyte, is daar gepoog om, aan die hand van frekwensie-ontledings, gebruiklike spreektaalvorme in die skryftaal van tieners te identifiseer. Die ondersoek wil ’n aanduiding gee van die soorte taalveranderinge wat aan die hand van vergelykende korpuslinguistiese studies verder ondersoek kan word. ’n Soortgelyke korpuslinguistiese ondersoek waarin die geskrewe Afrikaans van volwassenes onder die loep geneem word, behoort verdere lig te werp op die stand van informalisering in geskrewe Afrikaans.

## Bibliografie

Aitchison, J. 1991. *Language change: Progress or decay?* Cambridge: Cambridge University Press.

Androutsopoulos, J. (red.). 2014. *Mediatization and sociolinguistic change*. Berlyn, Boston: Walter de Gruyter.

AWS (Afrikaanse Woordelys en Spelreëls). 1991. Agtste, hersiene uitgawe. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2009. Tiende, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.

—. 2017. Elfde, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe. Kaapstad: Pharos.

Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria: Academica.

- Bruwer, P. 2013. Voute veras nie. *Noordkaap*, 6 November, bl. 1.
- Buchstaller, I. 2014. Commentary: Television and language use. What do we mean by influence and how do we detect it? In Androutsopoulos (red.) 2014.
- Carstens, A. en H. Grebe (reds.). 2001. *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. 2011. *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. Vyfde uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Carstens, W.A.M. en N. Bosman (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Coetzee, A. 2001. Van morfologie tot sintaksis: Taalvorme van die Bolandse wingerdwerkers. In Carstens en Grebe (reds.) 2001.
- . 2005. Dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(1):35–50.
- Coupland, N. 2007. *Style: Language variation and identity*. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2010. Language, ideology, media and social change. In Junod en Maillat (reds.) 2010.
- . 2014a. Sociolinguistic change, vernacularization and broadcast British media. In Androutsopoulos (red.) 2014.
- . 2014b. Language change, social change, sociolinguistic change: A meta-commentary. *Journal of Sociolinguistics*, 18(2):277–86.
- De Lange, C. 2012. Afrikaans sal sterf oor jonges se taal. *Beeld*, 9 Februarie, bl. 15.
- De Vries, A. 2015. Wie mag Kaaps in wie se Kaaps? 'n Ondersoek na die gebruik van Kaaps in Marlene van Niekerk se *Kaar*. *Stilet*, XXVII(2):1-16.
- De Wet, J.P. 1997. Afrikaans: 'n Ideologiese besinning in 'n multilinguistiese Suid-Afrikaanse bestel. PhD-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.
- Den Besten, H. 1989. From Khoekhoe foreigntalk via Hottentot Dutch to Afrikaans: The creation of a novel grammar. In Pütz en Dirven (reds.) 1989.
- Dreyer, H.C. 1986. Die beskrywing van Kaapse Afrikaans as 'n variëteit van Afrikaans. MA-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Duguid, A. 2010. Newspaper discourse informalisation: A diachronic comparison from keywords. *Corpora*, 5(2):109–39.
- Garcarz, M. 2004. Young Poles and their casual speech: The process of colloquialisation of the contemporary Polish language. *BRNO Studies in English*, 30:89–101.



- Garrett, P., C. Selleck en N. Coupland. 2011. English in England and Wales: Multiple ideologies. In Kristiansen en Coupland (reds.) 2011.
- Giliomee, H. 2014. Die troebel toekoms van die Afrikaners en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):571–95.
- HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2005. Vyfde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- . 2015. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Hendricks, F. 2012. Om die miskende te laat ken: 'n Blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49(1):95–114.
- . 2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies*, 11(2):715–48. <http://www.litnet.co.za/die-verrekening-van-taalvariasie-in-die-prosawerk-van-elias-p-nel>.
- . 2016. Die aard en konteks van Kaaps. 'n Hedendaagse, verledetydse en toekomspektief. In Hendricks en Dyers (reds.) 2016.
- Hendricks, F. en C. Dyers (reds.). 2016. *Kaaps in fokus*. Stellenbosch: SUN MeDIA.
- Herring, S.C., D. Stein en T. Virtanen (reds.). 2013. *Pragmatics of computer-mediated communication*. Berlyn: De Gruyter Mouton.
- Holmes, J. 1992. *An introduction to sociolinguistics*. Londen, New York: Longman.
- Junod, K. en D. Maillat (reds.). 2010. *Performing the Self*. Swiss papers in English Language and Literature 24. Tübingen: Narr.
- Kirsten, J. 2016. Grammatikale veranderinge in Afrikaans van 1911–2010. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.
- Kotzé, E.F. 1984. Afrikaans in die Maleierbuurt: 'n Diachroniese perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 24(1):41–73.
- Kristiansen, T. 2014. Does mediated language influence immediate language? In Androutsopoulos (red.) 2014.
- Kristiansen, T. en N. Coupland (reds.). 2011. *Standard languages and language standards in a changing Europe*. Oslo: Novus.
- Labov, W. 2001. *Principles of linguistic change*, Vol. 2: *Social factors*. Oxford: Blackwell Publishers.
- Leech, G. 2012. How English grammar has been changing. In Littlejohn en Mehta (reds.) 2012.

- Leech, G., M. Hundt, C. Mair en N. Smith. 2016. *Change in contemporary English: A grammatical study*. Cambridge books online. Cambridge: Cambridge University Press. <http://dx.doi.org/10.1017/CBO9780511642210.012> (5 Februarie 2017 geraadpleeg).
- Links, T. 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.
- Littlejohn, A. en S.R. Mehta (reds.). 2012. *Language studies: Stretching the boundaries*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Mair, C. 2006. *Twentieth-century English. History, variation, and standardisation*. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2015. Parallel corpora. A real-time approach to the study of language change in progress. *Diacronia*, 1:1–9.
- Marais, S. en A. Coetzee. 2005. Tienerafrikaans. *Journal for Language Teaching / Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(2):244–59.
- Markman, K.M. 2013. Conversational coherence in small group chat. In Herring, Stein en Virtanen (reds.) 2013.
- McLachlan, T. 2015. Die Afrikaanse idioom onder druk: Oor die gebruik van Afrikaans in die openbare domein. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3):512–21. [http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci\\_arttext&pid=S0041-47512015000300014&lng=en&nrm=iso](http://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512015000300014&lng=en&nrm=iso) (15 November 2017 geraadpleeg).
- Nagtegaal, J. 2002. *Daar's vis in die punch*. Kaapstad: Tafelberg.
- Nuolijärvi, P. en J. Vaattovaara. 2011. De-standardisation in progress in Finnish society? In Kristiansen en Coupland (reds.) 2011.
- Odendaal, B. 2015. Omgangsvariëteite van Afrikaans in die digkuns sedert Sestig. *Stilet*, XXVII(2):32–62.
- Odendaal, G. 2014. Moet Afrikaans geherstandaardiseer word? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):656–74.
- Oosthuizen, J. 2015. Red ons taal. LitNet-onderhoud. <http://www.litnet.co.za/red-ons-taal> (9 Junie 2017 geraadpleeg).
- Ota, I. en S. Takano. 2014. The media influence on language change in Japanese sociolinguistic contexts. In Androutsopoulos (red.) 2014.
- Otto, A. 2017. Sociolinguistiek. In Carstens en Bosman (reds.) 2017.
- Ponelis, F.A. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- . 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In Webb (red.) 1992.

- . 1993. *The development of Afrikaans*. Duisburg papers on research in language and culture. Frankfurt am Main: Verlag Peter Lang.
- . 1998. Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie. Universiteit van Stellenbosch, *Annale*, 1998(1):1–80.
- . 1999. Afrikaans-English codeswitching and convergence. *Language Matters*, 30(1):157–70.
- Prah, K.K. (red.). 2012. *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Boekreeks, no. 88. Kaapstad: CASAS
- Pütz, M. en R. Dirven (reds.). 1989. *Wheels within wheels*. Papers of the Duisburg symposium on pidgin and creole languages. Frankfurt am Main: Verlag Peter Lang.
- Raidt, E. 1989. Ontwikkeling van vroeë Afrikaans. In Botha (red.) 1989.
- Saal, E.O. 2015. Teenagers' perceptions of SMS Afrikaans in print advertisements. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(1):1–19.
- . 2017. 'n Verkenning van taalvariasie in die Afrikaanse poniekoerante *Son* en *Sondag*. *LitNet Akademies*, 14(1):87–132. [https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/06/LitNet\\_Akademies\\_14-1\\_Saal\\_87-132.pdf](https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/06/LitNet_Akademies_14-1_Saal_87-132.pdf).
- Saal, E.O. en J. Blignaut. 2011. "Moetie rai gammattaal gebrykie": Die gebruik en waarde van 'n Tienerkaaps in gedrukte advertensies. *LitNet Akademies*, 8(3):345–71. [http://www.litnet.co.za/assets/pdf/13\\_Saal%20en%20Blignaut.pdf](http://www.litnet.co.za/assets/pdf/13_Saal%20en%20Blignaut.pdf).
- Sayers, D. 2014. The mediated innovation model: A framework for researching media influence in language change. *Journal of Sociolinguistics*, 18(2):185–212.
- Smith, A., L. Fourie en J.D. Froneman. 2012. Setting the tabloid agenda: What two Afrikaans-language tabloids offer their readers. *Communicatio*, 38(2):225–43.
- Steyn, H.J. 2015. Textese and secondary school learners: Identifying textisms in formal written English. PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Steyn, J. en A. Duvenhage. 2011. Taalverskuiwing en taalhandhawing in die Afrikaanse gemeenskap: Tendense en toekomspektiewe. *LitNet Akademies*, 8(3):195–241. [http://www.litnet.co.za/assets/pdf/8\\_steyn%20en%20duvenhage.pdf](http://www.litnet.co.za/assets/pdf/8_steyn%20en%20duvenhage.pdf).
- Stuart-Smith, J. en I. Ota. 2014. Media models, "the shelf", and stylistic variation in East and West. Rethinking the influence of the media on language variation and change. In Androutsopoulos (red.) 2014.
- Stuart-Smith, J., G. Pryce, C. Timmins en B. Gunter. 2013. Television can also be a factor in language change: Evidence from an urban dialect. *Language*, 89(3):501–36.
- Thurlow, C. en M. Poff. 2013. Text messaging. In Herring, Stein en Virtanen (reds.) 2013.

Van der Rheede, C. 2012. “Kaaps in fokus”-referaat: Ekonomiese bemagtiging deur Kaaps. <http://www.litnet.co.za/kaaps-in-fokus-referaat-ekonomiese-bemagtiging-deur-kaaps> (26 Augustus 2016 geraadpleeg).

Van Jaarsveld, G.J., A.G. Jenkinson en A.S. de Wet. 2001. Die intertaalteorie en taalverskeidenheid. In Carstens en Grebe (reds.) 2001.

Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In Botha (red.) 1989.

—. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In Webb (red.) 1992.

—. 2015. Oor die eerste 50 jaar se maak aan Standaardafrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(3):319–342.

Van Rooy, B. 2017. Afrikaanse sintaksis, funksioneel benader. In Carstens en Bosman (reds.) 2017.

Verhoef, M. 1997. Die transformasie van Afrikaans – die afgelope dekade se mediadebat in oënskou. *Literator*, 18(1):1–19.

Vis, K., J. Sanders en W. Spooren. 2012. Diachronic changes in subjectivity and stance – A corpus linguistic study of Dutch news texts. *Discourse, Context & Media*, 1:95–102.

Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: Van Schaik.

Willemse, H. 2012. Om ’n veelkantiger Afrikaans te bedink. In Prah (red.) 2012.

Wit Umfaan. 2009. As jy iemand wil blame. *Rapport*, 23 Augustus, bl. 4.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Onder *grammatikalisering* word verstaan die proses waarvolgens leksikale items tot grammatiese verskynsels ontwikkel (Leech 2012:140). *Veramerikaansing* verwys na die invloed van Amerikaanse Engels (soos die pragmatiese merker *like*) op ander tale of variëteite (Leech e.a. 2016:252). *Veramerikaansing* kom meer beperk voor in vergelyking met die ander twee taalveranderingsprosesse deurdat veramerikaansing afhang van die mate waartoe sprekers van ander tale of variëteite aan Amerikaanse Engels blootgestel is. Die taalinterne proses *grammatikalisering* en die taaleksterne proses *veramerikaansing* lei tot veranderinge in die gesproke taal en kom die geskrewe taal via die proses *informalisering* binne (vgl. Leech e.a. 2016:241).

<sup>2</sup> Vir Leech (2012:132) is semimodale werkwoorde breedweg daardie groep "modale" werkwoorde in Engels wat, grammaties beskou, tussen die hulpwerkwoorde en die hoofwerkwoorde staan, waaronder *have to*, *used to*, *supposed to* en *want to*. Hierdie groep semimodale werkwoorde kan, soos die tradisionele klas modale hulpwerkwoorde in Engels (waaronder *must*, *shall* en *will*), betekenis soos verpligting, waarskynlikheid en wenslikheid uitdruk, byvoorbeeld: *I must tell you this* (modale hulpwerkwoord wat verpligting uitdruk) teenoor *I have to tell you this* (semimodale werkwoord wat verpligting uitdruk).

<sup>3</sup> Die term *Standaardafrikaans* word hier gebruik om te verwys na die formele register van Standaardafrikaans, d.w.s. Standaardafrikaans wat aangewend word vir hoëfunksiegebruike soos akademiese taal, regstaal, onderrigtaal, ens.

<sup>4</sup> Die groep respondente in hierdie ondersoek was uitsluitlik bruin graad 10-leerders verbonde aan hoërskole in Upington (in die Noord-Kaap) en Piketberg (in die Wes-Kaap).

<sup>5</sup> In die Wes-Kaapse korpus is slegs twee gevalle van ontronding geïdentifiseer, naamlik *skier* (x *skuur*) en *ondeense* (x *ondeunde*), maar weens die hoë frekwensie van ontronding (insluitend monoftongering) in die Noord-Kaapse korpus word ontronding hier as 'n kenmerkende verskynsel van Noordwestelike Afrikaans gesien (vgl. Coetzee 2005:43–4; Links 1989:20).

<sup>6</sup> In die Wes-Kaapse korpus het slegs een geval van vokaalverlenging (*kaans*) voorgekom; daarom word dit hier as 'n Noordwestelike verskynsel hanteer (vgl. Links 1989:12–3).

<sup>7</sup> Ponelis (1993:65) beskryf die weglating van die voorsetsel as 'n tipiese verskynsel van Noordwestelike Afrikaans. In die Wes-Kaapse korpus is slegs twee gevalle van voorsetselweglating aangetref, maar weens die betreklik hoër frekwensie van die verskynsel in die Noord-Kaapse korpus word dit hier as 'n tipiese streeksverskynsel van Noordwestelike Afrikaans hanteer.

<sup>8</sup> In die Noord-Kaapse korpus het 'n enkele geval voorgekom waar die afleidingsmorfeem *-lik* weggelaat word by 'n adjektief in attributiewe gebruik: *dit was 'n baie uitsonder dag* (x uitsonderlike). Dit is onduidelik uit die data of hierdie voorbeeld as 'n spreektaalverskynsel gesien kan word. As gevolg van die gebrekkige voorkoms in die twee korpusse word dit hier as 'n taalfout hanteer.